# HOOFSTUK 9

## *VEREENIGING SE EKONOMIESE-ONTWIKKELING: DIE TERSIëRE SEKTOR*

## 9.1 INLEIDING

Suid-Afrika se minerale rykdomme en nywerheidsektor kan nie in isolasie ontwikkel word nie. Die ondersteuningsdiens wat in hierdie opsig deur die tersiêre sektor gelewer word het ook 'n belangrike invloed op die ekonomiese-ontwikkeling van Vereeniging gehad. Bedrywe in die tersiêre sektor wat in hierdie hoofstuk ter sprake is sluit die spoorweë, pos en telegraafwese, lugvaart, die handelsektor en die sosio-ekonomiese omstandighede in Toplokasie, asook die finansiële instellings in.

## 9.2 DIE ONTWIKKELING VAN VERVOER

Vervoer het 'n belangrike rol in die ekonomiese-ontwikkeling van Vereeniging gespeel.[1] Die sentrale ligging van die Vereeniginggebied het sedert dorpstigting die ontwikkeling van die vervoersisteem begunstig.

### *9.2.1 SPOORWEGONTWIKKELING*

Aanvanklik is alle goedere deur transportryers vervoer.[2] Daar is egter besef dat voldoende spoorvervoer vir die ekonomiese-ontwikkeling van die land onontbeerlik was.[3]

In nywerheidsontwikkeling speel vervoerkoste en effektiewe vervoermiddels ook 'n belangrike rol.[4] Die dieper wordende skagte van die goudmyne het die vraag na swaar masjinerie laat toeneem. Hierdie toenemende vervoerlas het vir die primitiewe vervoermiddel soos die ossewa te veel geword. Dit het tot gevolg gehad dat daar veel meer aandag aan die ontwikkeling van die spoorweë gegee is.[5]

Reeds gedurende 1890 is 'n ooreenkoms tussen die regerings van die Oranje-Vrystaat en die Kaapkolonie vir die bou van 'n spoorwegverlenging van Bloemfontein na Viljoensdrift gesluit.

---

1 ***Vereeniging News***, 8 December 1944: report.

2 Anon., "Men, skills and resources", T. Oosterbroek (Ed.), ***Vaal river complex: industrial growth point of the eighties***, p.122; ***Vereeniging News***, 8 December 1944: report.

3 ***Vereeniging News***, 17 November 1944: report.

4 G.V. Swart, ***Die invloed van die geografiese faktore op die industriële ...***, pp.1-47.

5 ***Vereeniging News***, 8 December 1944: report.




Foto no. 8: **Presidente Kruger en Reitz ontmoet met die opening van die spoorwegbrug oor die Vaalrivier, 1892**

Bron: Vaal Teknorama (Kultuur en Nywerheidsmuseum), Vereeniging.

Die Transvalers se jarelange spoorwegideaal is dus deur die vergrote vervoerlas van die snel groeiende Witwatersrand verwesenlik. Ten spyte van die ekonomiese politiek wat met hierdie spoorwegideaal gepaard gegaan het, het drie hoofspoorlyne die Witwatersrand sedert 1892-1895 met die kusdorpe verbind. Die suidelike spoorlyn oor Bloemfontein is deur die toedoen van Sammy Marks via Viljoensdrift gebou. Die realisering van hierdie ideaal het Vereeniging dus ook bevoordeel. Vereeniging was die eerste dorp in Transvaal wat spoorfasiliteite bekom het. Hiermee is Vereeniging se posisie as strategiese deurgangsroete van suid na noord ook bevestig.

Hierdie ontwikkelinge het ook ander tersiêre sektore begunstig. Die vestiging van 'n infrastruktuur om hierdie spoorwegnetwerk plaaslik te bedien, het soos volg op 13 Januarie 1892 in die **Staatskoerant** verskyn:

> "Ter algemeene informatie wordt hiermede gepubliceerd onderstaand Uitvoerende Raadsbesluit artikel 567, dd. 3 December 1891, in zake het terrein, in te nemen door de Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatschappij voor een station op die plaats Rietfontein."[6]

Hierdie Viljoensdriftstasie sou net minder as twee myl suid van die drif gebou word en sou in talle belangrike voorvalle in die geskiedenis van Vereeniging en Suid-Afrika 'n rol speel.[7]

Hierdie spoorlyn het ook 'n brug oor die Vaalrivier genoodsaak. Die volgende besluit in die **Staatskoerant** dui daarop dat die regering blykbaar haastig was om die spoorlyn tussen die Vaalrivier en Johannesburg in bedryf te stel:

> "Het gedeelte van Vaalrivier via Elandsfontein naar Johannesburg moet gereed zijn voor publiek verkeer binnen vier maanden na de openstelling van de brug."[8]

Op 21 Julie 1891 het die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM) met die klipwerk vir die bou van hierdie brug begin. Vir die spoorlyn vanaf Bloemfontein is daar by die suidelike oewer van die Vaalrivier 'n tydelike houtbrug opgerig. Daar is ook besluit om die planne vir die sylyn na Vereeniging so spoedig as moontlik te voltooi en aan die regering voor te lê.[9] Al die nodige fasiliteite, soos laaibanke is later ook op die klein sylynstasietjies voorsien.[10]

---

6 TAB, Pretoria, ZAR, band 69, ***Staatscourant***, deel 12, no. 576, die Suiderlyn, 13 Januarie 1892.

7 ***Vereeniging News***, 8 December 1944: report.

8 TAB, Pretoria, ZAR, band 69, ***Staatscourant***, deel 12, no. 577, die Suiderlyn, 15 Januarie 1892.

9 TAB, Pretoria, SS, lêer R 9979/92, memorandum, 1892.

Die rede vir hierdie bogenoemde haastigheid was dat die Kaapse spoorlyn reeds in 1892 tot by Viljoensdrift voltooi is.[11] Hierdie spoorlyn tussen die Vaalrivier en Johannesburg is gedurende 1892 voltooi. Op 5 November 1892 kon die eerste trein die voltooide staalbokbrug by Vereeniging gebruik.[12]

Die spoorlyn vanaf die Vaalrivier na Johannesburg en Pretoria via Elandsfontein, naamlik die suiderlyn, was sedert 1892 'n belangrike voedingsaar vir ekonomiese-ontwikkeling.[13] Die spoorlyn het nie net vir die ontwikkeling van die Randse goudmyne groot voordeel ingehou nie.[14] Uit 'n streeksontwikkelingsoogpunt gesien was hierdie spoorlyn ook 'n belangrike ontwikkelingstimulus vir die pas ontluikende steenkoolmyngemeenskap aan die Vaalrivier, in die omgewing van die pasgestigte dorp Vereeniging.[15]

Toenemende mynbedrywighede in Transvaal het ook 'n doeanekantoor naby Vereeniging genoodsaak. President Paul Kruger het hierdie doeanekantoor naby Vereeniging laat oprig waar alle goedere wat hierdie grenspos oorgesteek het, ingeklaar moes word.[16] Doeanetariewe tussen die verskillende state en die winsgewendheid van die bogenoemde drie spoorwegnetwerke het spoedig in 'n stryd om tariefinkomste ontwikkel, wat die weg vir 'n tariefoorlog gebaan het. Dit is dus logies dat hierdie spoorlyn tussen die Witwatersrand en die Kaap 'n belangrike ekonomiese en politiese wapen in beide President Kruger en Cecil Rhodes se hande was.[17] Gedurende 1889 is 'n doeanekonferensie tussen die state gesluit wat daarop gemik was om aan elke staat 'n regmatige deel van die doeanetariewe op goedere van en na die Witwatersrand te gee. Hierdie doeane-samewerkingsooreenkomste is byna jaarliks aangepas om met veranderende omstandighede tred te hou. Op hierdie wyse is die Sivewrightooreenkoms op 10 Desember 1891 tussen die Kaapkolonie en die NZASM gesluit. Dit het bepaal dat die NZASM die bedryfsreg van die suiderlyn verkry het.

---

10 SAB, Pretoria, Hoofbestuur van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens (SAS), band 769, lêer G 30/7/1: opening and naming stations Canada and Vereeniging, deel 1, 1904/21.

11 A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal*** ..., p.220.

12 D.W. Krüger, ***Paul Kruger, 1883-1904***, deel 2, pp.114,122,138,149,220 e.vv.; A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal*** ..., p.220; ***Vereeniging News***, 8 December 1944: report.

13 Anon., "The future is alive and well ...", T. Oosterbroek (Ed.), ***Vaal river complex 1985 and adjacent areas***, p.5.

14 D.W. Krüger, ***Paul Kruger*** ..., pp.114,122,138,149,220 e.vv.; J. van der Poel, ***The railway and customs policy of the South African states and colonies, 1885-1910*** (unp. Ph.D.-thesis, University of London, 1929), p.25; ***Vereeniging News***, 8 December 1944: report.

15 ***Vereeniging News***, 8 December 1944: report.

16 ***Vereeniging News***, 8 December 1944: report.

17 R.C. de Jong etc., ***NZASM 100, 1887-1899: the buildings, steam engines and structures of the Netherlands South African Railway Company***, p.159.

Gedurende 1895 was hierdie ooreenkoms uitgedien. 'n Hernieude tariefoorlog is ingelei wat die steenkoolmark van die Centralmyn verhoog het.[18]

Die instandhouding van hierdie spoorlyn het ook ander plaaslike-ontwikkelings teweeggebring. Die Kaapse Spoorweë het byvoorbeeld aan die einde van hierdie spoorlyn 'n goederewerf op die plaas Bedworth naby die Viljoensdriftstasie gebou. Voordat die spoorlyn na Johannesburg voltooi is en ten tye van die bogenoemde tariefoorlog tussen die bogenoemde regerings, is die inhoud van die spoorwegtrokke by hierdie goederewerf afgelaai en in wagtende ossewaens oorgelaai wat dit verder noordwaarts vervoer het. Nadat die goedere by die doeanekantoor op die Transvaalse oewer by Viljoensdrift ingeklaar is, is dit teen 'n baie laer tarief as wat die NZASM gehef het, na die Rand vervoer.[19]

Hierdie praktyk en die hernieude tariefoorlog wat tussen die state geheers het, het in 1895 tot die sluiting van Viljoensdrift en Sanddrif gelei. Hierdie optrede van die Transvaalse Uitvoerende Raad is deur die Kamer van Koophandel, Kamer van Mynwese, asook in Kaapse, Britse en Oranje-Vrystaatse ministeriële kringe skerp veroordeel. Hoewel daar in 1898 'n bykans landswye doeaneooreenkoms bestaan het, het die bogenoemde beleid en die belangrikheid van die goudmynbedryf aan Lord Milner die geleentheid gebied om hierdie probleme op politieke gebied te besleg.[20]

Vereeniging se belangrikheid as spoorwegsentrum het sedert 1892 steeds toegeneem. Gedurende 1919 is daar byvoorbeeld verslag gedoen dat die tonnemaat wat by die Vereenigingse stasie gehanteer is, tot 596 688 ton gestyg het.[21]

Gedurende 1937 is daar met die aanbou van 'n dienssylynstelsel by Vereeniging begin. Hierdie dienslyn het die private halfwegstasie no. 170 (USKO & Stewarts & Lloyds) bedien.[22]

---

18 S.J. Swanepoel, ***The protection of industries in South Africa*** (unp. D.Phil.-thesis, US, 1940), p.2; M.M. Smith, ***'n Geografies studie van steenkool*** ..., pp.65,66.

19 D.W. Krüger, ***Paul Kruger*** ..., pp.114,122,138,149,220 e.vv.; J. van der Poel, ***The railway and customs policy*** ..., p.25; S.J. Swanepoel, ***The protection of industries*** ..., p.3; ***Vereeniging News***, 8 December 1944: report.

20 D.W. Krüger, ***Paul Kruger*** ..., pp.114,122,138,149,220 e.vv.; J. van der Poel, ***Railway and customs policies*** ..., p.25; S.J. Swanepoel, ***The protection of industries*** ..., p.3; A.E. Afigbo etc., ***The making of modern Africa***, vol. 1: the nineteenth century, p.297; F. Avery, ***Sammy Marks: smous and millionaire*** (radiotalk, Vaal Teknorama, Vereeniging, n.d.), p.2.

21 R.C. de Jong etc., ***NZASM 100, 1887-1899*** ..., p.162; ***Vereeniging News***, 18 March 1938: report.

22 SAB, Pretoria, Privaatsekretaris van die Minister van Vervoer (MVE), band 468, lêer 16/243: proposed new service line Vereeniging, 1936/1937.

Gedurende 1938 is daar besluit om 'n dubbel spoorlyn tussen Vereeniging en Redan te bou. Dit moes veral die nywerhede aan die noordelike kant van Vereeniging bedien.[23] Die ontwikkeling van die spoorlyne in die Vereeniginggebied was daarop ingestel om die roete tussen die markte en Vereeniging so kort as moontlik te maak.[24] Hierdie verbeterde spoordiens het in 'n groot mate bygedra tot die steeds toenemende industrialisasie van die gebied.[25]

Die Vereenigingse stasie het tot na die Tweede Wêreldoorlog onveranderd gebly.[26] Petrol was gerantsoeneer en die mense wat gedurende hierdie oorlogsjare wou reis het gewoonlik met die trein gereis.[27] Na afloop van die Tweede Wêreldoorlog het die spoorweë vinniger ontwikkel.[28]

Gedurende 1945 het daar 'n verslag van 'n departementele komitee verskyn wat die algemene-ontwikkeling en verkeersgeriewe in die Randse en Vereeniginggebied ondersoek het.[29] Na aanleiding van hierdie ondersoek is besluit om 'n nuwe goedere-opslagterrein op 'n plek sowat vier myl noord van Vereeniging se spoorwegstasie aan te lê.[30] Daar is ook 'n nuwe spoorwegbrug by Dickinsonpark gebou.[31]

Intussen is daar ook vir die verlegging van die spoorlyn tussen Vereeniging se stasie en die Vaalrivier, asook vir die bou van 'n nuwe spoorbrug oor die rivier voorsiening gemaak.[32] Hierdie staalbrug is gedurende 1953 gebou. Dit is ongeveer twee myl stroomaf langs Viljoensdrift, waar ossewaens meer as 75 jaar tevore die rivier moes deurgaan, opgerig.[33] Terselfdertyd is die spoorlyn heraangelê. Dit het met 'n boog vanaf die ou Bettyskag aan die

---

23 ***Vereeniging Recorder***, 25 May 1939: report.

24 SAB, Pretoria, MVE, band 474, lêer 16/258/88: spoorweghersieningskommissie, Vereeniging-Heidelberg, 1938; ***Vereeniging News***, 8 December 1944: report.

25 ***Vereeniging News***, 17 November 1946: report.

26 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.44.

27 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.190.

28 ***Vereeniging News***, 8 December 1944: report.

29 ***Vereeniging News***, 8 December 1945: report.

30 ***Vereeniging News***, 4 January 1946: report.

31 ***Vereeniging News***, 20 December 1946: report; ***Vereeniging News***, 7 August 1948: report; Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.196.

32 Vgl. SAB, Pretoria, MVE, band 468, lêer 16/243: proposed new service line Vereeniging, 1936/37; ***Vereeniging News***, 8 December 1944: report.

33 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 15 June 1956: report.

Transvaalse kant en feitlik reg noord van Vereeniging se stasie die dorp binnegekom. Die spoorlyn oor die ou brug het feitlik reg uit die weste die stasie binnegekom.[34]

Gedurende die vyftigerjare is die spoorwegstasie ook aansienlik vergroot en gemoderniseer.[35] Gedurende 1959 was daar ook heelwat spoorwegverbeterings aangebring. Die spoorweglyn is byvoorbeeld na die suide geëlektrifiseer. Elke dag het nagenoeg 60 treine deur die Vereenigingse stasie gegaan en wes van die dorp is rangeererwe langs die Randfonteinpad aangelê. Die ingebruikneming van hierdie Leeuhof-goedererangeerwerf het beslis die druk op Vereenigingstasie verminder.[36] Daar was egter gedurende 1969 klagtes oor hierdie rangeerwerf wat te na aan die sentrale sentrum geleë was.[37]

Al hierdie ontwikkeling het meegebring dat die meeste nywerhede in die gebied toegang tot spoorverbindings gehad het. Die nywerheidsdorpe is oor die algemeen bevredigend deur sylyne bedien. Daar was 'n totaal van 25 privaat sylyne wat nywerheidspersele bedien het.[38]

Die treinverkeer het getoon dat hierdie spoorwegverbeterings noodsaaklik was. Gedurende die sestigerjare het daar elke sewe dae 31 hooflyntreine suidwaarts en 33 hooflyntreine noordwaarts deur Vereeniging na die Vrystaat en Kaapland gereis.

Aangesien die Vereeniginggebied hoofsaaklik 'n swaar nywerheid- en steenkoolmynsentrum is, word daar grootskaals van spoorwegvervoer gebruik gemaak om grondstowwe te bekom en produkte te versend. Binne 'n tydperk van vier jaar het die goedereverkeer gedurende die sestigerjare vervyfvoudig.[39]

Gedurende die sewentigerjare het 'n geëlektrifiseerde trajekte via Houtkop en Meyerton na Johannesburg en Germiston geloop. Alle groot nywerhede en myne en onmiddellike

---

34 *Vereeniging News*, 5 December 1952: report.

35 *Vereeniging News*, 5 December 1952: report; *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 15 June 1956: report.

36 A.J. Visser, *Die ontwikkeling en konsentrasie van die fabrieksnywerheid* ..., p.235.

37 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 23 May 1969: report.

38 A.J. Visser, *Die ontwikkeling en konsentrasie van die fabrieksnywerheid* ..., p.88.

39 A.J.G. Oosthuizen, *'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal* ..., p.224; *Vereeniging News*, 20 December 1946: report; *Vereeniging News*, 4 January 1952: report.

omliggende dorpe is dus per spoor verbind met die hoofspoorlyne wat deur die Vaaldriehoek loop.[40]

Vanaf 1948 tot 1957 het die Suid-Afrikaanse Spoorweë se tekort aan trokke veroorsaak dat daar 'n krisis ten opsigte van die steenkoolnywerheid ingetree het.

Die spoorweë se vervanging van stoomlokomotiewe met elektriese- en dieseleenhede (1962) het veroorsaak dat daar 'n inkorting van steenkoolaanvraag was.[41]

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die Suid-Afrikaanse Spoorweë 'n belangrike en noodsaaklike rol in die Vereeniginggebied se goedereverkeer speel vanweë die ekonomiese aard van die gebied. Hierteenoor lewer die spoorweë 'n geringe rol ten opsigte van passasiersverkeer in hierdie gebied.[42]

Gedurende die tagtigerjare het dit duidelik geword dat pad- en spoorverbindings van en na Vereeniging ideale geleenthede vir werkers van omliggende areas geskep het om in Vereeniging te werk.[43]

Vir passasiersvervoer word Vereeniging beskou as 'n eindpunt van die Randse voorstedelike treindiens. As deel van die voorstedelike treindiens het die Vereeniginggebied dus gebaat by die voordeel van verlaagde tariewe wat vir hierdie diens ingestel is. Die gereeldheid van passasierstreine tussen die Rand en Vereeniging het baie verbeter sedert die verdubbeling en elektrifisering van die spoorlyn.[44]

Die spoorweë se goeie dienste in Vereeniging is in 'n groot mate verseker deurdat Vereeniging die skakelpunt van die Germiston-Bloemfontein-Kaapstadlyne, asook die Johannesburg-Lawley-Sebokeng, Vereeniging-Potchefstroom-Kaapstad- en Redan-Grootvlei-spoorlyne vorm.[45]

Vir die werkers in Vereeniging was die spoorwegvervoer 'n belangrike instelling. Die daaglikse passasiersvervoer tussen Sebokeng en Vereeniging beslaan egter die oorgrootte meerderheid van treinpassasiers wat op 'n daaglikse basis binne die Vaaldriehoek vervoer

40 M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool*** ..., p.235.

41 M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool*** ..., p.88.

42 A.J. Visser, ***Die ontwikkeling en konsentrasie van die fabrieksnywerheid*** ..., p.255.

43 A.J. Visser, ***Die ontwikkeling en konsentrasie van die fabrieksnywerheid*** ..., p.255; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 23 May 1969: report.

44 A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal*** ..., p.223.

45 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om*** ..., p.33.

word. Teen die laat tagtigerjare het daar daagliks 22 treine tussen Sebokeng en Vereeniging beweeg, wat 'n gemiddelde getal van 18 000 passasiers per dag vervoer het. Blanke passasiers maak slegs van die treindiens tussen Vereeniging en Johannesburg op 'n daaglikse basis gebruik.[46]

Die spoorweg se ontwikkeling in die Vereeniginggebied het ook heelwat werk verskaf. Die feit dat Vereeniging 'n groot spoorwegstasie en rangeerwerf het, en dat dit die hoofkwartier vir die spoorwegbusdiens vir Vereeniging en Vanderbijlpark asook die Vaal Transport-Maatskappy is, lewer waarskynlik 'n belangrike bydrae tot die groot aantal vervoerwerkers wat hier woonagtig is.[47] Al die nywerhede in Vereeniging, veral die swaarnywerhede wat van sylyne voorsien is, word by hierdie rangeerwerf bedien.[48]

Die vervoerdienste was dus noodsaaklik vir die ontwikkeling wat in Vereeniging en die Vaaldriehoek plaasgevind het. In hierdie ontwikkeling is dit belangrik dat die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste (SAVD) in die pad- en spoorvervoer van passasiers en goedere, interstedelik asook oor lang afstande voorsien.

Organisatories en bestuursgewys word spoorverkeer in die Vaaldriehoek deur die Departement van Vervoer beheer. Vereeniging se stasie word deur 'n stasiemeester beheer. Dié stasiemeester is ook in beheer van die kleiner stasies in die munisipale gebied, naamlik Redanstasie, Leeuhofstasie, Houtheuwelstasie asook die Yskorgoederewerf, asook die Spoorweg en padvervoerdiens wat tot in 1988 in Vanderbijlpark gesetel was.[49]

Daar was egter ook faktore wat die spoorweë se ontwikkeling nadelig beïnvloed het.

### *9.2.2 FAKTORE WAT SPOORWEGVERVOER NADELIG GERAAK HET*

Die volgende faktore het die ontwikkeling van die spoorweë nadelig beïnvloed.

Gedurende 1920 was Vereenigingstasie nog maar klein. Daar was slegs twee platforms. Geen brug vir voetgangers het bestaan nie. Veral die Britse staalwerkers het die treindienste

---

46 A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide*** ..., p.120.

47 A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide*** ..., p.161.

48 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om*** ..., p.33.

49 A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide*** ..., p.266.

ondoeltreffend gevind.[50] Verbeterings is teen 'n slakkepas aangebring. Die Tweede Wêreldoorlog het ook die verdere ontwikkeling van hierdie spoorwegdiens vertraag.[51]

Verskeie ontsporings en ongelukke het plaasgevind wat die spoordiens nadelig beïnvloed het. Gedurende 1938 het 'n passasierstrein sonder passasiers met 'n goederetrein gebots. Hierdie ongeluk het tussen Redan en Vereeniging plaasgevind. Alhoewel daar nie beserings was nie, is 'n passasierswa en drie trokke beskadig.[52] Daar het heelwat ongelukke by pad- en spoorkruisings plaasgevind.[53]

Op 28 Julie 1943 het daar 'n ongeluk op Vereenigingstasie plaasgevind. Verskeie mense is beseer en die betrokke lokomotief en waens is ook beskadig. Vereeniging se spoorwegstasie was baie besig en rangeerbewegings was deurentyd aan die gang gewees. Daar is na hierdie ongeluk bevind dat indien die sinjaaltekens gehoorsaam sou word, daar nie ongelukke behoort te wees nie.[54]

Dit is nietemin so dat die spoorweë 'n groot bydrae tot die ekonomiese-ontwikkeling van Vereeniging gelewer het. Die Spoorwegadministrasie het gepoog om spoorwegdienste van 'n hoë gehalte te lewer. Die vasstelling van die spoortariewe was een maatreël waardeur die Spoorwegadministrasie gepoog het om hul diens uit te brei. Dit was egter 'n kontensieuse saak.

Daar was byvoorbeeld gedurende April 1915 klagtes dat die tariewe wat vir die vervoer van mynpale gehef is, te hoog was.[55] Dieselfde besware het gedurende die dertigerjare weer opgeduik. Die unie se vernaamste markte vir fabrieksartikels was in Noord- en Suid-Rhodesië geleë. Hierdie vervoertariewe is deur die spoorwegtariefstruktuur van die Rhodesiese Spoorweë beheer waaroor die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie geen invloed gehad het nie.[56] Die Spoorwegadministrasie het later besondere lae vervoertariewe

---

50 Anon., ***Dagboek van Britse Immigrant***, pp.14,16.

51 Anon., "The future is alive and well ...", T. Oosterbroek (Ed.), ***Vaal river complex 1985 and adjacent areas***, p.5.

52 SAB, Pretoria, Sekretaris van Justisie (JUS), band 1464, lêer 1/3/38: railway accident 24/1/38 rear end collision between no. 337 passenger train and no. 1203 goods train, Redan-Vereeniging, 1938.

53 ***Vereeniging News***, 3 October 1952: report.

54 SAB, Pretoria, JUS, band 786, lêer 74/16: railway accident, Vereeniging 28/7/1943, enquiry, 1943/44; ***Vereeniging News***, 17 November 1944: report.

55 SAB, Pretoria, SAS, band 1454, lêer RG 104/10/1/3: timber from Vereeniging and Viljoensdrift to Pretoria and Johannesburg, S. Marks' complaint, 1915/16.

56 G.V. Swart, ***Die invloed van die geografiese faktore op die industriële*** ..., pp.50-76.

ondoeltreffend gevind.[50] Verbeterings is teen 'n slakkepas aangebring. Die Tweede Wêreldoorlog het ook die verdere ontwikkeling van hierdie spoorwegdiens vertraag.[51]

Verskeie ontsporings en ongelukke het plaasgevind wat die spoordiens nadelig beïnvloed het. Gedurende 1938 het 'n passasierstrein sonder passasiers met 'n goederetrein gebots. Hierdie ongeluk het tussen Redan en Vereeniging plaasgevind. Alhoewel daar nie beserings was nie, is 'n passasierswa en drie trokke beskadig.[52] Daar het heelwat ongelukke by pad- en spoorkruisings plaasgevind.[53]

Op 28 Julie 1943 het daar 'n ongeluk op Vereenigingstasie plaasgevind. Verskeie mense is beseer en die betrokke lokomotief en waens is ook beskadig. Vereeniging se spoorwegstasie was baie besig en rangeerbewegings was deurentyd aan die gang gewees. Daar is na hierdie ongeluk bevind dat indien die sinjaaltekens gehoorsaam sou word, daar nie ongelukke behoort te wees nie.[54]

Dit is nietemin so dat die spoorweë 'n groot bydrae tot die ekonomiese-ontwikkeling van Vereeniging gelewer het. Die Spoorwegadministrasie het gepoog om spoorwegdienste van 'n hoë gehalte te lewer. Die vasstelling van die spoortariewe was een maatreël waardeur die Spoorwegadministrasie gepoog het om hul diens uit te brei. Dit was egter 'n kontensieuse saak.

Daar was byvoorbeeld gedurende April 1915 klagtes dat die tariewe wat vir die vervoer van mynpale gehef is, te hoog was.[55] Dieselfde besware het gedurende die dertigerjare weer opgeduik. Die unie se vernaamste markte vir fabrieksartikels was in Noord- en Suid-Rhodesië geleë. Hierdie vervoertariewe is deur die spoorwegtariefstruktuur van die Rhodesiese Spoorweë beheer waaroor die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie geen invloed gehad het nie.[56] Die Spoorwegadministrasie het later besondere lae vervoertariewe

---

50 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, pp.14,16.

51 Anon., "The future is alive and well ...", T. Oosterbroek (Ed.), ***Vaal river complex 1985 and adjacent areas***, p.5.

52 SAB, Pretoria, Sekretaris van Justisie (JUS), band 1464, lêer 1/3/38: railway accident 24/1/38 rear end collision between no. 337 passenger train and no. 1203 goods train, Redan-Vereeniging, 1938.

53 ***Vereeniging News***, 3 October 1952: report.

54 SAB, Pretoria, JUS, band 786, lêer 74/16: railway accident, Vereeniging 28/7/1943, enquiry, 1943/44; ***Vereeniging News***, 17 November 1944: report.

55 SAB, Pretoria, SAS, band 1454, lêer RG 104/10/1/3: timber from Vereeniging and Viljoensdrift to Pretoria and Johannesburg, S. Marks' complaint, 1915/16.

56 G.V. Swart, ***Die invloed van die geografiese faktore op die industriële*** ..., pp.50-76.

vir die vervoer van verskillende goedere, grondstowwe en voedsel ingestel.[57] Hierdie tariefbeleid is deur die volgende doelwit ten grondslag gelê. Dit is in 'n groot mate veroorsaak deurdat die Spoorwegadministrasie getrag het om nywerhede in die binnelandse sentrums op verskillende maniere van diens te wees.[58] Daar is onder meer gepoog om gedifferensieerde tariewe vir die vervoer van nywerheidsvragte toe te pas.[59]

Ten spyte van hierdie beleid was daar steeds klagtes oor die tariewe wat vir die spoorwegdiens betaal moes word. Die spoorweë het byvoorbeeld gedurende die laat vyftigerjare voor die probleem te staan gekom dat indien hy sy vragtariewe sou verhoog sy vragverkeer, wat die grootste komponent van die vervoerdiens uitgemaak het, sou daal. Die spoorweë het op 'n algemene nywerheidsoplewing gehoop om hierdie probleem te oorbrug. Die spoorweë word dus net soos enige ander sektor deur ekonomiese fluktuasie beïnvloed.[60]

Daar was natuurlik ook klagtes oor die wyse waarop spoorwegpersoneel hul take uitgevoer het. Een klagte was dat die kondukteurs nie die treine volledig van die stasies se platforms verwyder het nadat hulle passasiers of goedere afgelaai het nie. Die Inspekteur-generaal van Invoerregte het in hierdie tydperk ook 'n klag teen 'n diensdoenende klerk ondersoek, omdat hy die inspeksie van die treine nie na behore gedoen het nie.[61]

Nog 'n faktor wat die ontwikkeling van die spoorweë nadelig beïnvloed het, was die gebrek aan opgeleide personeel wat nie altyd beskikbaar was nie. Daar was byvoorbeeld klagtes oor 'n vroulike klerk wat gedurende 1896 as gevolg van swak gedrag ontslaan moes word.[62]

Daar het ook meningsverskille bestaan oor die verskillende name wat vir die klein sylynstasietjies op die spoorlyn na Vereeniging gegee is. Die sylynstasie Klipriviersoog is byvoorbeeld na Kliptown verander.

---

57 ***Vereeniging News***, 3 March 1939: report.

58 ***Vereeniging News***, 17 November 1944: report.

59 G.V. Swart, ***Die invloed van die geografiese faktore op die industriële*** ..., pp.45-60.

60 Anon., "Maats in die moeilikheid", ***Manufacturer***, vol. 9, no. 6, April 1959, p.7.

61 TAB, Pretoria, SS, lêer R 4108/96: Inspecteur Generaal van Invoerrechten station chief te Vereeniging zend klacht tegen den Klerk, 1896.

62 TAB, Pretoria, SS, lêer R 4644/96: Inspecteur Generaal van Invoerrechten vraagt ontslag van mejuffrou Mainwaring, 1896.

## 9.3 DIE ONTWIKKELING VAN DIE PADNETWERK VAN VEREENIGING

Die padnetwerk rondom Vereeniging het tred gehou met die ontwikkeling van die spoorweë. Die ondoelmatige tweespoorpaaie het gou in hierdie gebied verdwyn aangesien die ontwikkeling van 'n goeie padnetwerk van uiterste belang vir die vooruitgang van Vereeniging as nywerheidstad was.

Paaie is die gesamentlike verantwoordelikheid van die Sentrale en Provinsiale Owerhede.[63] In die jongste jare het tolpadmaatskappye 'n deel van hierdie verantwoordelikheid oorgeneem. Die PWV-padbeplanning word deur die Transvaalse Provinsiale Administrasie onderneem. Sasolburg vorm 'n integrale deel van die PWV en Vaaldriehoek se padnetwerk.[64] Die belangrikste ontwikkeling op hierdie gebied was die besluit dat die nasionale paaie van Johannesburg na die suide via Vereeniging na Heilbron, en via Vanderbijlpark sou loop.[65]

Die hoofpadnetwerk van die Vaaldriehoek vorm dus 'n integrale deel van die PWV-padnetwerk.[66] Die PWV-padnetwerk bestaan uit die volgende paaie:

- **PWV-deurpaaie in Vereeniging:**
  - Die P156-snelweg wat Vereeniging, Meyerton en Alberton verbind.[67]

- **Sekondêre hoofpaaie:**
  - Die R26-pad wat Vereeniging en Vanderbijlpark verbind.
  - Die K57-pad wat Vereeniging en Johannesburg verbind
  - Die K61-pad wat Vereeniging en Sasolburg oor die ou wabrug verbind.[68]

---

63 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 26 February 1971: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 1 October 1971: report.

64 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 26 February 1971: report; H.K. Hoffman, ***Beplanning van paaie in die volgende dekade*** (ongep. referaat gelewer tydens 'n simposium oor 'Die Vaaldriehoek in die volgende tien jaar', Die Suid-Afrikaanse Instituut van Siviele Ingenieurs, Vanderbijlpark, 9 Mei 1980), p.3.

65 M.M. Smith, ***'n Geografiese studie van steenkool ...***, p.235.

66 H.K. Hoffman, ***Beplanning van paaie ...***, p.113.

67 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 26 February 1971: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 25 January 1974: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 17 March 1970: report.

68 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 26 February 1961: report.

- Die K178-pad wat Vereeniging en Potchefstroom via Vanderbijlpark verbind.[69]

- Die Vaaldriehoekse dorpe word deur middel van 'n uitgebreide padnetwerk met mekaar verbind.[70] Die belangrikste verbindingspaaie binne die Vaaldriehoek is soos volg:

    - Boy Louwweg wat Vereeniging se dorpsgebied en Sharpeville verbind.

    - Tielman Roos boulevard wat Vanderbijlpark en Sharpeville verbind.

    - Boy Louwweg, Houtkopweg en K57 wat Vereeniging met Sebokeng verbind.[71]

Die belangrikheid van goeie paaie word deur die volgende voorbeelde gestaaf. Die drie padbrûe wat die sentrale owerheid oor die Vaalrivier gebou het, lewer 'n belangrike bydrae tot die wedersydse toeganklikheid tussen die Transvaalse dorpe van die Vaaldriehoek en Sasolburg. Die nasionale deurpad wat Vereeniging en Vanderbijlpark verbind, speel 'n sleutelrol in die Vaaldriehoek.[72]

Gedurende die sewentigerjare is daar byvoorbeeld ook R17,5 miljoen aan die Sasolburgpad via Baddrift en die Vereeniging-Albertonsnelweg spandeer.[73] Gedurende 1971 is daar vir 'n bedrag van R165 000 vir paaie in Vereeniging begroot.[74] Gedurende 1974 is vir die verdubbeling van die Randfonteinpad en pad tussen Sebokeng en Vereeniging beplan.[75] Slegs die laasgenoemde pad is voltooi.

Hierdie ontwikkeling was van so 'n aard dat die padnetwerk gedurende die tagtigerjare aan die behoeftes van Vereeniging en die Vaaldriehoek voldoen het.

Die resultaat van die vervoerdienste van Vereeniging en die Vaaldriehoek is dus dat groot nywerhede per spoor en pad met die hoofverkeersweë verbind is. Padvervoer is die

---

69 H.K. Hoffman, ***Beplanning van paaie** ...*, p.110-113; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 6 April 1962: report.

70 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 1 October 1971: report.

71 H.K. Hoffman, ***Beplanning van paaie** ...*, pp.110-113; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 30 October 1964: report.

72 A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide** ...*, p.266; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 1 October 1971: report.

73 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 26 February 1971: report.

74 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 1 October 1971: report.

75 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 5 July 1974: report.

hoofvervoerstelsel vir fabriekswerkers in hierdie gebied. Gereelde vervoerdienste word selfs vanaf Parys vir dié doel verskaf. Dit is ook 'n bewys dat die vervoerdienste baie belangrike rol in die ekonomiese-ontwikkeling van 'n gebied speel.[76]

In hierdie opsig is dit belangrik om daarop te let dat steenkool die grondslag vir nywerheids- en bevolkingsvestiging in Vereeniging gevorm het. Dit is ook die hoofmotiveringsfaktor wat vir die ontwikkeling van die bogenoemde verkeersnetwerk verantwoordelik is.[77]

## 9.4 DIE ONTWIKKELING VAN DIE POS EN TELEGRAAFWESE

Die behoefte aan kommunikasie met die buitewêreld is reeds vroeg in Vereeniging aangevoel. Daarom was die ontwikkeling van pos en telegraafwese 'n belangrike diens wat insgelyks die vooruitgang in Vereeniging ondersteun het.

Die mynbougemeenskap van die Bedworthmyn het reeds vroeg vertoë gerig vir die instelling van 'n poskantoordiens. Gevolglik is daar gedurende 1890 besluit om 'n telegraafkantoor in die dorp te open. Die pos en telegraafkantoor was in 'n sinkgebou gehuisves. Hierdie gebou was aan die westekant van Joubertstraat, tussen Beaconsfieldlaan en Marklaan geleë.

Die Transvaalse regering het verder 'n posafleweringskontrak aan die Transvaal Daily Express Mail and Passenger Service toegeken. Hulle moes twee keer per week pos tussen Johannesburg en Vereeniging aflewer. Dié diens is in Januarie 1892 na die aanstelling van Vereeniging se eerste posmeester, Francis Herbert Nuns, ingestel.

Reeds gedurende 1892 het die Assistent Posmeester-generaal by die Staatsekretaris in Pretoria gekla dat die transportryers dit vir die poskontrakteurs moeilik gemaak om die pos te vervoer. Hy het verklaar dat "de transportrijders, die geen acht geven op het blazen van de post-horen of trompet, zoodat genoemde Postcontractanten verzoeken, dat aldaar een politiedienaar zal geplaatst worden op hunne kosten tot regeling van het verkeer".[78]

Die Posmeester-generaal het ook gedurende 1892 die Staatsekretaris in Pretoria versoek om die posmeester van Vereeniging se salaris na £50 per jaar te verhoog. In die brief word ook

---

76 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 6 April 1962: report.

77 M.M. Smith, *'n Geografiese studie van steenkool ...*, p.237.

78 TAB, Pretoria, SS, lêer R 6464/92: brief van Postmeester-generaal aan die Postmeester van Johannesburg, 1892.

genoem dat die omvangryke werksomstandighede van die posmeester van so 'n aard was dat dit sy gesondheid ondermyn het.[79]

Gedurende 1893 het die plaaslike mynmaatskappy die posmeester verwittig dat die bogenoemde sinkgebou waarin die poskantoor gevestig is, aan hulle behoort het. Die mynmaatskappy het aangebied dat die poswese die gebou teen 'n bedrag van R252 kon koop.[80]

Reeds gedurende 1898 het die hoof van die Telegraaf Departement van die Zuid-Afrikaansche Republiek die belangrikheid van hierdie instelling in Vereeniging soos volg beklemtoon:

> "Alle telegraafdraden in verbinding met Potchefstroom, Klerksdorp enz, de Kaap Kolonie en den Oranje Vrystaat loopen door het telegraafkantoor te Vereeniging."

Hy het om hierdie rede toestemming gegee om nog 'n klerk vir 'n bedrag van R450 per jaar in diens te neem.[81]

Diefstal was ook 'n belangrike probleem wat die aandag van die posmeester geverg het. Op 17 Junie 1892 het die possak byvoorbeeld tussen Vereeniging en Johannesburg weggeraak.[82] Gedurende April 1894 was daar ook 'n inbraak in die poskantoor gewees. Tydens hierdie inbraak is kontant, posspaarboekies en geregistreerde briewe gesteel.[83]

Afgesien van hierdie diefstalle wat plaasgevind het was daar ook heelwat klagtes oor vertragings en ander foute van die posdiens. Daar is veral gedurende 1896 gekla omdat die pos uit die Kaapkolonie vertraag word. Die trein is by Viljoensdrift gewoonlik ses tot sewe uur lank vertraag. Hierdie oponthoud was as gevolg van die inspeksies en hantering van invoerregte en pasregulasies.[84] Daar was ook klagtes oor foute wat in die telegramme voorgekom het.[85]

---

79 TAB, Pretoria, SS, lêer R 10076/92: brief van Postmeester-generaal aan Staatsekretaris, 1892.

80 TAB, Pretoria, SS, lêer R 15/93: beskrywing van die Post en Telegraaf kantoor te Vereeniging, 1893.

81 TAB, Pretoria, SS, lêer R 15/93: brief van Telegraaf Departement, 14 Januarie 1898.

82 TAB, Pretoria, SS, lêer R 3967/92: brief, Tesourier-generaal, 1892.

83 TAB, Pretoria, SS, lêer R 4896/94: brief, Postmeester-generaal, 1894.

84 TAB, Pretoria, SS, lêer R 4653/96: brief Postmeester-generaal, 1896.

85 TAB, Pretoria, SS, lêer R 10690/94: hoofd Telegraaf Departement vraagt verplaatsing van de telegrafist Bachofner naar Vereeniging of Eureka, 1894.

Gedurende 1906 is tenders vir die oprigting van 'n nuwe poskantoor in Vereeniging gevra.[86] Selfs gedurende die twintigerjare was daar nog nie veel mense in Vereeniging wat telefone en of posbusse besit het nie.[87] Gedurende die veertigerjare is daar van battery telefone gebruik gemaak.[88]

Gedurende 1948 was daar heelwat klagtes oor die sogenaamde verouderde poskantoor in Vereeniging.[89] Klagtes oor die sogenaamde ontoereikende posdiens in Vereeniging is egter in 'n groot mate deur die vinnige ontwikkeling van Vereeniging as industriële dorp bepaal.[90] Daar was byvoorbeeld 'n groot tekort aan telefone gedurende die veertigerjare.[91] Hierdie probleem is gedurende 1949 opgelos met die besluit om vir 'n outomatiese telefoonsentrale in Vereeniging voorsiening te maak.[92]

Bo en behalwe die agterstand wat die posdiens in die vinnig ontwikkelende industriële dorp ondervind het, het die poskantoor ook heelwat verliese gelei. Heelwat kabels is in hewige reënbuie beskadig wat addisionele uitgawes meegebring het.[93] Die poswese het ook verliese as gevolg van arbeidsprobleme gelei. Gedurende 1960 het die Posmeester-generaal berig dat as gevolg van onluste op Vereeniging en Vanderbijlpark dié departement nie daarin kon slaag om los swart arbeiders op Vereeniging te werf nie. Hierdie arbeiders is gebruik om koperdraad en telefoonpale van spoorwegtrokke af te laai.[94]

---

86 TAB, Pretoria, Tender Board (TB), band 8, lêer 411, deel 1: tenderdokument, 1906.

87 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.28.

88 ***Vereeniging News***, 25 February 1944: report.

89 ***Vereeniging News***, 15 March 1948: report.

90 ***Vereeniging News***, 25 February 1944: report.

91 ***Vereeniging News***, 24 August 1945: report.

92 SAB, Pretoria, Sekretaris van Openbare Werke (PWD), band 1469, lêer 3517, deel 2: Vanderbijlpark, new automatic telephone exchange, repairs to cable ducts, 1949.

93 ***Vereeniging News***, 26 July 1946: report.

94 SAB, Pretoria, Departement van Pos en Telegraafwese (PMG), band 4/17/5, lêer 1K1A/60: Posmeester-generaal, indiensneming van blanke seuns, 26 Maart 1960.

Nieteenstaande hierdie probleme het daar tog ook positiewe ontwikkeling plaasgevind. Die beplanning van 'n nuwe poskantoor het reeds gedurende 1946 plaasgevind.[95] Gedurende die sestigerjare is daar ook 'n vergrote poskantoor in Merrimanstraat geopen.[96]

Gedurende 1969 is daar 'n verdere R4,5 miljoen begroot vir die installering van 'n outomatiese telefoonstelsel vir die Vaaldriehoek.[97] Daar is reeds vroeg gedurende die sewentigerjare 'n outomatiese sentrale vir Sonlandpark beplan. Om tegniese redes is bevind dat dit nie moontlik sou wees om muntbustelefone in Sonlandpark te verskaf nie, omdat 'n outomatiese sentrale eers geïnstalleer moes word.[98] Gedurende hierdie beplanningsfase is daar 109 privaat telefone aan applikante in Sonlandpark uitgereik. 'n Mobiele poskantoor is op hierdie stadium sterk oorweeg en die aangewese posisie het op die besigheidsentrum van Drie Riviere uitbreiding no. 2 gedui.[99]

Gedurende die vroeë tagtigerjare het die ontwikkeling van die poswese 'n hoogtepunt bereik. Die hoofposkantoorgebou is in Merrimanlaan, binne die sentrale sakekern van Vereeniging, geleë. Takdienste is intussen ook in die volgende voorstede beskikbaar gestel:

Arcon Park
Peacehaven
Sonlandpark
Drie Riviere
Redan
Sharpeville

Die Vereenigingse Poskantoor vervul ook 'n streekfunksie met toesig oor geriewe wat by Viljoensdrift in die Oranje-Vrystaat asook by De Deur en Daleside beskikbaar gestel is.[100]

---

95 *Vereeniging News*, 24 August 1945: report.

96 SAB, Pretoria, PMG, band 303, lêer 5A2D/34568/63: aanbring van diefwering amptelike woning van Posmeester, 1963.

97 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 24 October 1969: report.

98 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 1 June 1973: report.

99 SAB, Pretoria, PMG, band 552, lêer 3J1B/3198/70: uitbreiding aan outomatiese telefoonstelsel, 1970; *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 24 October 1969: report.

100 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 24 October 1969: report; Stadsraad van Vereeniging, *Vereeniging: aansoek om ...*, p.64.

Die aanlegwerf en voorradedepot van die hoofposkantoor se telefoonafdeling, wat Carletonville, Heidelberg, De Deur en Sasolburg bedien, is te Leeuwkuil binne die Vereeniging munisipale gebied geleë.[101]

Die Vaaldriehoek en omstreke val binne die Vereenigingposdistrik, wat die dorpe Vereeniging, Vanderbijlpark, Sasolburg, Meyerton, Volksrust, Standerton, Heidelberg, Grootvlei, Balfour en Carletonville insluit. Hierdie gebied staan onder beheer van 'n streeksbestuurder wat sy kantoor op Vereeniging het. Die streeksentrale op Vereeniging hanteer telefoonverbindings vir Vereeniging, Vanderbijlpark, Sasolburg en Meyerton.[102]

Die pos en telegraafdiens het 'n belangrike bydrae tot die ekonomiese-ontwikkeling van die streek gelewer, omdat doelmatiger kommunikasiestelsels voortdurend geïnstalleer is.

## 9.5 DIE ONTWIKKELING VAN DIE LUGVAART

Vir 'n vinnig ontwikkelende nywerheidsdorp soos Vereeniging was die beskikbaarstelling van lugvaartdiensfasiliteite onontbeerlik. Hierdie doelwit het alreeds sedert die dertigerjare bestaan.[103] Gedurende 1933 het Vereeniging Estates 'n vliegveld op sy eiendom aan die westekant van die dorp uitgelê.[104] Ten einde die lewensvatbaarheid te verhoog is verskeie verrigtinge soos lugwedrenne en skoue aangebied.

Gedurende Julie 1935 het Stewarts & Lloyds berig dat hulle hul eie private landingsgrond by Vereeniging wou gebruik.[105] Hulle het ook hulle eie vlieënier in diens gehad.[106] Taamlike groot vliegtuie kon by hierdie landingstrook land.[107]

---

101 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om*** ..., p.36.

102 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 24 October 1969: report; A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide*** ..., p.265.

103 ***Vereeniging News***, 11 August 1939: report.

104 ***Vereeniging News***, 2 March 1945: report.

105 SAB, Pretoria, Director Civil Aviation (DCA), band 51, lêer 824/104: aerodromes, private aerodrome, "Stewarts & Lloyds" Vereeniging, 1933/35.

106 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.107.

107 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 20 August 1965: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 22 June 1962: report.

Vanaf 1936 het die Vereeniging Flying Club van krag tot krag gegaan. Heelwat vlieëniers het hul opleiding hier voltooi en heelwat van hierdie vlieëniers het gedurende die Tweede Wêreldoorlog diens gedoen.[108]

Gedurende 1936 het die Vereeniging Flying Club 'n belangrike lugvertoning gereël. Die ***Sunday Times*** se korrespondent het op 26 Julie berig dat die helfte van die unie se vliegtuie tydens hierdie lugwedren in Vereeniging aanskou kon word.[109] Vereeniging Flying Club het op hierdie vliegveld Suid-Afrika se eerste nasionale lugwedren gehou. Die Goewerneur-generaal het die byeenkoms bygewoon.[110] Besoekers by hierdie lugskou sou onder meer die gaste van die Goewerneur-generaal en die Minister van Pos en Telegraafwese wees. Hierdie lugskou by Vereeniging se vliegveld ter viering van die openingsdag van Vereeniging se Vliegklub is op 'n luisterryke wyse aangebied.[111] Die volgende jaar is hierdie wedren deur die South African Flying Club oorgeneem en het later as die Goewerneur-generaal se Lugwedren bekend gestaan.[112]

Daar is ook gemeen dat Vereeniging ideaal geleë is vir 'n lugmagskool. Daar was nie hoë geboue in die omtrek van die lughawe nie en die Hoëveld se weer was ook meer stabiel.

Na die sogenaamde "Battle of Britain", is verskeie van die Royal Air Force (RAF) se personeel gedurende 1941 in Vereeniging gestasioneer.[113] Sommige van hierdie RAF-lede het met plaaslike meisies getrou omdat heelwat van hierdie mans hul tuis gevoel het in die plaaslike kultuur en hulle daarom permanent in Vereeniging wou vestig.[114] Hierdie manne het ook vertonings vir liefdadigheid, soos vir die hospitaalfonds, aangebied. Daar is ook ambulansvliegtuie vir die publiek beskikbaar gestel.[115]

Daar was egter ook heelwat knellende faktore wat die gebruik van hierdie lughawe benadeel het.[116] Daar was byvoorbeeld die hoogspanningskragdrade aan die een grens van die

---

108 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 22 June 1962: report.

109 ***Sunday Times***, 26 July 1936, report.

110 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 22 June 1962: report.

111 SAB, Pretoria, Goewerneur-generaal (GG), band 2321, lêer 2/326: Vereeniging Flying Club, invitation to aerial display, 1936; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 22 June 1962: report.

112 SAB, Pretoria, GG, band 2321, lêer 2/326: Vereeniging Flying Club, invitation to aerial display, 1936.

113 ***Vereeniging News***, 14 July 1944: report; Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.187.

114 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.188.

115 ***Vereeniging News***, 11 January 1946: report.

116 ***Vereeniging News***, 16 June 1939: report.

aanloopbaan wat 'n groot probleem vir die opstyg en landing van vliegtuie ingehou het.[117] Die onderhoud van die lughawe was soms nie na wense nie en die gras op die landingstrook het soms te lank geword. 'n Verdere klagte was dat die lugvaartaanduidings, wat met klein rooi vlaggies gegee is, nie altyd uit die lug waarneembaar was nie. Vervolgens was daar 'n versoek dat standaardvlae gebruik moes word om windrigtings aan te dui.[118] Dit was ook soms moeilik om die landingstrook te sien en daar was versoeke dat die landingstrook met wit kruise aangedui moes word.[119]

Hierdie probleme het veroorsaak dat Burgerlugvaart wat jaarliks 'n lisensie vir die openbare gebruik van die lughawe moes uitreik, probleme met die veiligheid van hierdie lughawe gehad het. Klagtes het tot gevolg gehad dat die Direkteur-generaal van die lugdiens opdrag gegee het dat:

- Die sirkel en ander tekens gereeld elke drie maande duidelik wit gemerk moes wees.
- Die landingstrook moes vry van klippe, miershope, gate en bosse gehou word.
- Die gras moes kort gehou word.[120]

Hoewel die vliegveld na 1945 meer gebruik is, is daar gedurende die sestigerjare gemeen dat die lugverkeer van Vereeniging nie voldoende ontwikkel het nie.[121]

In hierdie tydperk het slegs vliegtuie van enkele groot fabrieke in Vereeniging van die lughawe gebruik gemaak.[122] Hierdie omstandighede het egter gedurende die laaste dekades verander. Die Vereenigingse nuwe lughawe wat R700 000 gekos het, het heelwat tot die nywerheidsontwikkeling bygedra.[123] Konstruksiewerk aan die nuwe vliegveld is gedurende 1975 voltooi. Gedurende 1978 is die hoofaanloopbaan weer geteer, en van beligting voorsien. Tans het die Vereeniging lughawe 'n geteerde hoofaanloopbaan van ongeveer

---

117 *Vereeniging News*, 2 August 1946: report; vgl. *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 13 October 1967: report.

118 *Vereeniging News*, 2 August 1946: report.

119 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 18 July 1969: report; *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 13 October 1967: report.

120 SAB, Pretoria, DCA, band 27, lêer 824/104: aerodromes, Vereeniging, 1926/44; *Vereeniging News*, 25 October 1940: editorial; *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 13 October 1967: report.

121 SAB, Pretoria, DCA, band 27, lêer 824/104: aerodromes, Vereeniging, 1926/44; *Vereeniging News*, 2 August 1946: report; *Vereeniging News*, 2 March 1945: report.

122 A.J.G. Oosthuizen, *'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal ...*, p.227; *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 18 July 1969: report.

123 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 11 July 1975: report.

1,5km. Gedurende 1990 is die dwars aanloopbaan ook geteer om aan die behoefte en uitbreidings wat by die lughawe plaasgevind het te kon voorsien.[124]

Hierdie verbeterings en verbeterde onderhoud het veroorsaak dat die lughawe meer gereeld gebruik word. Gedurende die negentigerjare het daar byvoorbeeld gemiddeld 400 opstygings en landings per maand plaasgevind.[125]

Hierdie lughawe is ten ooste van die Indiërwoonbuurt, Roshnee geleë. Die lughawe se doeltreffendheid is verhoog aangesien dit vir lugverkeerbeheer doeleindes binne die beheergebied van Jan Smuts Lughawe geleë is. [126]

Hierdie lughawe het ook 'n belangrike bydrae tot die ekonomiese-ontwikkeling van Vereeniging gemaak.

## 9.6 DIE ONTWIKKELING VAN DIE HANDELSEKTOR

Alhoewel die ontwikkeling van die handelsektor van Vereeniging van sekondêre belang in verhouding tot die nywerheids- en mynbou-ontwikkeling is, het dit tog 'n belangrike rol in die ekonomiese-ontwikkeling van Vereeniging gespeel.

### *9.6.1 ASPEKTE VAN DIE HANDELSEKTOR SE ONTWIKKELING*

Aanvanklik was die handelsaktiwiteite in Vereeniging primitief en die omvang van die handelsektor beperk. Daar het egter spoedig ontwikkeling plaasgevind, wat die volgende kenmerke vertoon.[127]

Na die ontdekking van goud op die Witwatersrand het die steenkoolmyne uit 'n handelsoogpunt gesien, belangrik geword. Die dorp het as gevolg van hierdie steenkoolhandel in 'n aansienlike besigheidsentrum ontwikkel.[128]

---

124 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, pp.198,199.

125 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, p.16.

126 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 18 July 1969: report; Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, p.34.

127 ***Vereeniging News***, 26 January 1945: report.

128 Anon., ***Dagboek van Britse Immigrant***, p.26.

# HANDELSONDERNEMINGS VIR DIENSTE SEKTOR EN PROFESSIONELE LUI IN VEREENIGING

| Tipe onderneming | 1894 | 1907 | 1911 | 1921 | 1931 | 1941 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Afslaers | | | | 1 | | |
| Agente | | 2 | 1 | | | |
| Algemene handelaars | 4 | 16 | 5 | 11 | 17 | 22 |
| Aptekers | | 1 | 1 | 2 | 4 | 6 |
| Argitekte | | | | | | 1 |
| Asiatiese handelaars | | | 46 | | | |
| Assuransie | | | | | 2 | 1 |
| Bakkers | | | 2 | 1 | 2 | 3 |
| Banke | | 1 | | | 3 | 3 |
| Begrafnisondernemers | | | | | 1 | 2 |
| Bioskope en teaters | | | | | 1 | 1 |
| Bouers en kontrakteurs | 3 | | 5 | 2 | 1 | 2 |
| Dokters | 1 | 3 | 3 | 2 | 3 | 8 |
| Drankwinkels | | 2 | 1 | 2 | 1 | 1 |
| Droogskoonmakers | | | | | | 2 |
| Drukkers | | | | 1 | 1 | 1 |
| Fietswinkels | | 1 | 1 | 1 | | |
| Fotograwe | | | | 1 | | 2 |
| Haarkappers | | 2 | | 2 | 3 | |
| Hoefsmede | | 1 | 3 | 1 | 4 | 4 |
| Horlosiemakers | | | | 2 | | |
| Hotelle | 2 | 2 | 2 | 3 | 4 | 6 |
| Kafees, restourante en teekamers | | | 1 | 3 | 3 | 4 |
| Kleremakers en Uitrusters | | 1 | 4 | 8 | 10 | 7 |
| Klubs | | | | 4 | | |
| Loodgieters | | 2 | 2 | 2 | | 1 |
| Losieshuise en koshuise | | | 1 | | 1 | 4 |
| Meulenaars | | | | 3 | 1 | 1 |
| Minerale water vervaardigers | | | 1 | | | |
| Modesalonne | | | | | | 3 |
| Motorhawens | | | | | 3 | 6 |
| Produkte aankoper | 1 | 1 | 1 | 1 | | |
| Prokureurs | | 2 | 2 | 4 | | 4 |
| Skoenhandelaars | | | 2 | 1 | | |
| Skryfbehoeftes en boekhandelaars | | | 1 | | | 1 |
| Slagters | | 3 | 2 | 4 | 3 | 4 |
| Steenkoolhandelaars | | | 1 | | | |
| Tandartse | | | | | 1 | 2 |
| Verwers | | | 2 | | | |

Vereeniging was in 1892 met die aanlê van die hoofspoorlyn tussen noord en suid oor Viljoensdrift as byna net so 'n belangrike sakesentrum as Johannesburg gereken.[129]

Teen 1896 het die dorp se winkeliers sake in agt sinkgeboutjies gedoen.[130] Die eerste Indiërhandelaars is gedurende 1904 in die dorp gevestig. Die staalwerkers het heelwat van hul inkopies by die Indiërwinkels gedoen. Sommige Indiërmarskramers het hul goedere op hul rug gedra. Hierdie sogenaamde "Bundle Sammys", het hul goedere baie goedkoop verkoop.

Teen 1920 het die aantal besighede in Vereeniging nie baie toegeneem nie. Aanvanklik was daar geen groentewinkels gewees nie. Indiërs wat groente voorsien het, het daagliks by die woonhuise omgegaan om hul groente en vrugte te verkoop. In die laat twintigerjare het mnr. Plaskett en mnr. Pereira hul groentewinkels geopen.[131]

Gedurende die laat dertigerjare is heelwat nuwe besighede in die sakesentrum gevestig.[132] Die belangrikste handelsondernemings was in Storiestraat en in Railwaystraat geleë. Die belangrikste winkels was mnr. Harry Northmore se slaghuis, Harry Wilson die snyer se winkel, mnr. Silbermans se "tea-room" en mnr. Wolff se horlosiemakerswinkel.

Aan die noordekant van Markstraat was McRobb's Apteek, Dearles' Juweliers, Frank Russels' Uitrusters, Adcocks' Meubileerders en Afslaers, Webbers Haarkappersalon en Knox' Hotel geleë. Aan die suidelike gedeelte van Markstraat was Barclays Bank, Central Nuus Agentskappe, Cuthberts en Cutlers' se kruidenierswinkel geleë.

Die westekant van Voortrekkerstraat het uit belangrike handelsondernemings soos Messrs. Dadabhay se groot afdelingswinkel, The White House, en mnr. N. Drubin's se winkel bestaan. Die enigste bakkery was die eiendom van Messrs. Itzigsohn and Baungarters wat in Unionstraat geleë was.[133]

Net voor die Tweede Wêreldoorlog het mnr. Harry Northmore 'n garage in Voortrekkerstraat geopen. Mnr. Broderick het ook 'n garage in die laat dertigerjare geopen.[134] Die sakebuurt het ook aan die onderkant van Marklaan in die rigting van die stasie ontwikkel. Vir die sakebelange was die teer van Marklaan gedurende 1935 'n belangrike gebeurtenis. Ander

129 A.J.G. Oosthuizen, *'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal ...*, p.200.

130 Kyk lys van handelsondernemings op p.305(a).

131 Anon., *Dagboek van Britse immigrant*, p.84.

132 *Vereeniging News*, 30 June 1939: report.

133 Anon., *Dagboek van Britse immigrant*, pp.83,84.

134 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 13 September 1968: report.

winkels in die sakesentrum was dié van mnr. Davidowitz wat winkels op die hoek van Beaconsfieldstraat geopen het.[135] Bykomende ondernemings soos Kelsall se slaghuis in die Kelsallgebou in Lesliestraat[136], Krieks Drapeerders, Kruger's Melkery, Jooste & Els Dressmaker, Bon Marche, Jurgesen's Leerwinkel, Heimans Slaghuis, Yapp's Radio Winkel, Bridsons Bakkery en Madame Paulmans het bygedra dat die Vereenigingse inwoners hul daaglikse lewensbehoeftes uit 'n groot verskeidenheid ondernemings kon aanvul.[137]

Na die Tweede Wêreldoorlog was die kultuursamestelling van Vereeniging se bevolking van so 'n aard dat daar aan 'n verskeidenheid van behoeftes voldoen moes word.[138]

Die opening van die mark op Saterdae was 'n belangrike handelsinstelling. Gedurende die laat veertigerjare het die mark 'n groot verskeidenheid varsprodukte aangebied.[139]

Gedurende 1959 is die mark na 'n nuwe gebou op die plaas Leeuwkuil verskuif. Die nuwe marksaal wat R280 000 gekos het, het oor 'n ruimte van 24 000 vk. voet onder een dak beskik. Gedurende 1959 was die jaarlikse omset van die mark R18 miljoen gewees. Gedurende die vroeë sewentigerjare is die mark as die derde grootste varsprodukte mark in die land gereken. Slegs die Johannesburgse en Pretoriase markte was groter.[140]

Gedurende die sestigerjare het die neweprodukte van die slagbedrywighede 'n aansienlike bydrae tot die slagplaas se inkomste gelewer. Die vervaardiging van harde vet uit dierevet het teen die sestigerjare alreeds op £35,000 te staan gekom. Hiernaas het karkasmeel uit afgekeurde karkasse en organe £125,000, beenmeel £65,000 en bloedmeel £100,000, beloop.[141]

'n Hoë persentasie sake-ondernemings wat aan Asiate behoort het, het in Vereeniging ontwikkel.[142] Die Asiatiese Bazaar was op 'n gedeelte van Duncanville se grond gevestig.

---

135 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, pp.83,87.

136 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.90.

137 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.91.

138 ***Vereeniging News***, 26 January 1945: report.

139 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 20 September 1968: report; A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal ...***, p.14.

140 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 11 July 1969: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 8 September 1967: report.

141 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 8 September 1967: report.

142 A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal ...***, p.203.

Die verblyf van hierdie mense was nie bevredigend nie. Die wonings was oorbewoon en die strukture onbevredigend.

Die eiendomsmark was ook 'n belangrike sakebedryf. Omdat die Indiërs dit nie kon bekostig om self ander huise te bou nie, is daar aanbeveel dat die stadsraad huise bou en dan aan die Indiërs verhuur.

Eiendomsagente was ook 'n belangrike instelling. United Eiendomsagentskap was 'n suksesvolle onderneming met mnr. Nelson Henry as die eerste eiendomsagent van die agentskap. Dekma Bouers (Eiendoms) Beperk het veral belanggestel in spekulatiewe beleggings in grond. Later het Dekma Bouers ook begin om huise op persele wat in die Vaaldriehoek aangekoop is op te rig. De Klerk se eiendomsagentskap het veral in die verkoop van plase gespesialiseer.[143]

Namate die handelsektor uitgebrei het, om in alle behoeftes te voorsien, het die aantal werkers in die dorp ook geleidelik toegeneem. [144]

Die eerste groot supermark, naamlik die OK Basaar het slegs 'n paar jaar na die Tweede Wêreldoorlog in Vereeniging gevestig. Die stigting van Vereeniging Returned Soldiers Association (VRSA) met 600 lede het met aansienlike handelsvernuf voor die dag gekom. Die oprigting van die Springbok drankwinkel, wat 'n kleinhandelsaak was, het goeie winste getoon. Kort na die oorlog het die winkel al 'n wins van R40 000 getoon. Die totale waarde van die eiendom, grond en geboue in die munisipale gebied van Vereeniging het gedurende 1956 reeds R23 170 469 beloop. Die vier prima standplase in Mark- en Voortrekkerstraat is op R200 000 elk gewaardeer.[145]

Gedurende die sestigerjare was daar alreeds 594 sake-ondernemings in Vereeniging gevestig. Die handelsektor het heelwat ontwikkelinge ondergaan en gedurende die sewentigerjare het daar op ekonomiese gebied heelwat positiewe verwagtinge geheers.[146]

Gedurende 1970 het die handelsektor in Vereeniging op 'n hoë vlak gefunksioneer.[147] Die eerste groothandelaarsupermark in Suid-Afrika het gedurende 1971 in Vereeniging geopen.

---

143 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, pp.90,91.

144 ***Vereeniging News***, 29 October 1937: report.

145 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 27 January 1956: report.

146 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 18 May 1973: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 23 November 1979: report.

147 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 16 June 1970: report.

Dit is teen 'n bedrag van R350 000 opgerig en het voorraad ter waarde van R500 000 gehad.[148]

Kettingwinkels soos Checkers (een tak in Drie Riviere en die grootste tak by die Hipermark in Arcon Park), OK Basaars en Woolworths is dus in Vereeniging gevestig.[149] 'n Groot tak van Pick 'n Pay Hipermark is in die dorpsgebied Bedworth Park, naby die munisipale grens van Vanderbijlpark, en een Pick 'n Pay Supermark in Drie Riviere, opgerig.[150]

Samevattend kan vermeld word dat daar verskillende handelskonsentrasies in Vereeniging waargeneem kan word. Daar is 'n sentrale sakegebied wat vanaf die laat tagtigerjare 70% van die stad se nagenoeg 1 122 handelsondernemings gehuisves het. Daar is ook drie gemeenskapsentrums, naamlik die Checkers-Multimark in Arcon Park, die Pick 'n Pay-Hipermark in Bedworth Park en die sentrum in Drie Riviere. Die woonbuurtsentrums en winkelkonsentrasies is in Drie Riviere, Risiville, Duncanville, Steelpark en Vereeniging Uitbreiding 1 geleë.[151]

Die nuwe Vereenigingse Varsproduktemark is ongeveer 4km van die middestad aan die noordekant van Vereeniging/Potchefstroompad geleë.

Benewens bogenoemde verspreiding word daar 'n groepering van Indiërwinkels in die suidelike gedeelte van die sentrale sakegebied aangetref. Die Indiërwinkelsentrum (Asiatiese Bazaar) wat ook hier geleë is, huisves ongeveer 75 ondernemings. Daar word veral in klerasie en materiale gespesialiseer.[152]

### *9.6.2 FAKTORE WAT DIE HANDELSEKTOR POSITIEF BEÏNVLOED HET*

'n Opname gedurende 1977 het aangetoon dat Vereeniging se kleinhandelsfunksies die grootste omset van alle gebiede in die Vaaldriehoek gehad het, naamlik R100 miljoen, vergeleke met die R70 miljoen van Vanderbijlpark, R29 miljoen van Sasolburg en R12

148 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 22 January 1971: report.

149 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 29 August 1969: report.

150 Stadsraad van Vereeniging, *Vereeniging: aansoek om ...*, p.40; *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 4 February 1982: report.

151 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 27 April 1962: report.

152 A. Nieuwoudt, *Die Vaaldriehoek as verspreide ...*, p.211.

miljoen van Meyerton. Dit is dus duidelik dat Vereeniging gedurende die vroeë tagtigerjare 'n groot koperspubliek bedien het.[153]

Uit 'n totaal van 2 687 handelsondernemings gedurende die laat tagtigerjare in die Vaaldriehoek, is 1 122 of 41% in Vereeniging geleë. Die rol wat Vereeniging as streeksinkoopsentrum speel, blyk duidelik uit die jaarlikse koopkrag invloei van R14 438 000 wat die inwoners van ander dorpe in Vereeniging spandeer. Die uitsoek- en spesialiteitsgoedere-ondernemings in Vereeniging lewer 'n belangrike bydrae om hierdie invloei van kapitaal te bewerkstellig.

Verskillende handelsorganisasies het gedurende hierdie tydperk 'n belangrike positiewe rol gespeel om die plaaslike ekonomie te bevorder.[154] Die handelsaktiwiteite in Vereeniging is ook positief beïnvloed omdat Vereeniging se sake-ondernemings meer gevestig is as die ander Vaaldriehoekse dorpe. As oudste dorp is Vereeniging meer rustig, boomryk, met pragtige tuine en parke en adem daarom 'n andersheid en meer karaktervolle atmosfeer as dié van die jonger Vaaldriehoek se dorpe. Vereeniging se sakesentrum is om hierdie rede die nodus waar die ryke kultuurverskeidenheid van volksgroepe in die Vaaldriehoek skouer skuur, koop, verkoop, bedel, versorg en trakteer word.[155]

Vereeniging blyk in 'n groot mate selfvoorsienend te wees. Daar bestaan slegs beperkte wisselwerking met sy buurdorp Vanderbijlpark.[156] Die ligging van die swart woongebiede Boipatong, Sebokeng, Evaton en Sharpeville skep die potensiaal vir omvangryke wisselwerking op die gebied van werk en inkope met Vereeniging.[157]

Gedurende die laaste dekade is die bevordering van ondernemerskap deur 'n verskeidenheid van hulpmaatreëls, wat op die kleinsakeman gerig is, van stapel gestuur.[158] Die doel van hierdie maatreëls was om Vereeniging se leiersposisie op handelsgebied te behou.

---

153 H. du Plessis, ***Ekonomiese ontwikkelingspotensiaal ...***, p.82; vgl. ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 2 May 1960: report.

154 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 2 May 1969: report.

155 Anon., "Die Vaaldriehoek", pp.14-21.

156 A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide ...***, p.226.

157 A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide ...***, p.103.

158 P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), ***'n Nywerheidsperspektief ...***, p.18.

### 9.6.3 FAKTORE WAT DIE HANDELSEKTOR NEGATIEF BEÏNVLOED HET

Ten spyte van die bogenoemde positiewe ontwikkeling was daar tog eksterne en interne faktore wat die handelsaktiwiteite in Vereeniging nadelig beïnvloed het.

Uit 'n stedelike ontwikkelingsoogpunt gesien is die Vaaldriehoek uit die dorpe Vereeniging, Vanderbijlpark, Sasolburg, Meyerton, Sebokeng, Evaton, Sharpeville, Bophelong, Boipatong en Randvaal saamgestel. Soos reeds vermeld veroorsaak hierdie omstandighede dat die koopkrag nie altyd in die tuisdorp plaasvind nie.[159] Dit is 'n erkende feit en 'n moderne voorbeeld van swak streeksbeplanning dat die ligging van Vanderbijlpark en Sasolburg te naby aan Vereeniging geleë is.[160] Die teendeel is egter ook waar dat hierdie dorpe vanweë ekonomiese oorwegings ontstaan het en dat hul stigting nie 'n resultaat van streeksbeplanning is nie. Hierteenoor is die Vaaldriehoek ook nog betreklik naby aan Johannesburg geleë. Dit het tot gevolg dat die koper wat iets besonders soek, maklik na Johannesburg reis. Hierdie omstandighede bemoeilik dus die posisie van die onderneming wat in Vereeniging wil spesialiseer.[161]

Die ekonomiese vlak van Vereeniging se gemeenskap is ook beïnvloed deur die feit dat die Suid-Afrikaanse ekonomie deur 'n groot afhanklikheid van buitelandse handel gekenmerk word.[162] In 1971 het die totale invoer en uitvoer van goedere en dienste, goud uitgeslote, 55% van die Bruto Binnelandse Produk (BBP) uitgemaak, wat een van die hoogste persentasies in die Westerse wêreld is. Hierdie afhanklikheid het 'n belangrike invloed op die nywerheidstruktuur uitgeoefen.[163]

Die algemene ekonomiese klimaat wat sedert die laat tagtigerjare ervaar word laat die kleinsake-onderneming kwesbaar, omdat hul kapitaalstruktuur beperk is. Die kleinsake-onderneming is ook sensitief ten opsigte van regeringsbeleid, naamlik beperkende wetlike maatreëls en onnodige rompslomp.[164]

---

159 A. Nieuwoudt, "'n Model vir die verkenning ...", pp.73-84.

160 T.B. Floyd, "Geskiedenis van stadsbeplanning in Suid-Afrika", deel 1, ***Munisipale Aangeleenthede***, vol. 24, Maart 1959, pp.29,31,75; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 26 October 1962: report.

161 J.J. du Plessis, ***Die kosteprobleem as gevolg van wetgewing in Suid-Afrika*** ..., p.59.

162 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 4 March 1955: report.

163 Vgl. S.J. Kleu, "Strukturele aspekte van die nywerheidsontwikkeling ...", pp.464-470.

164 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 30 April 1971: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 26 October 1962: report.

Gedurende die laaste dekade heers daar 'n trae ekonomiese toestand in die land. Veral die private sektor is onwillig om met enige belangrike uitbreiding te begin.[165]

Daar is ook die voortdurende veranderende distribusiepatrone, nuwe koopsentrums, infrastruktuur wat verander soos vervoerstelsels, paaie wat verskuif, snelweë en so meer wat aanpassing van die kleinsakeman verg.

Hierteenoor kan die volgende interne faktore onderskei word wat handelsondernemings beïnvloed.:

Dit is egter ook so dat daar soms bestuursonbekwaamheid in die plaaslike handelsondernemings voorkom. Swak persoonlike dienslewering laat ook soms veel te wense oor. Handelsondernemings word ook deur 'n voortdurende kontanttekort en grootskaalse kapitaaldreinering gekortwiek. Kundigheid vloei ook maklik na die groter sentra. Die kleinsake-onderneming kan ook nie dieselfde voordele, sekuriteit en bevorderingsgeleenthede as sy eweknie in die stad bied nie.[166]

Gedurende 1972 het 150 handelaars in Vereeniging se besigheidsentrum 'n petisie oor die parkering in die sakesentrum opgestel.[167]

Indiërhandelaars in Vereeniging het kompensasiegeld ter waarde van R80 000 vir die verlies van hul grond in die sakesentrum gekry, wat hulle moes ontruim om na die Indiërinkoopsentrum te verskuif.[168]

## *9.6.4 HANDELSVERENIGINGS IN VEREENIGING*

Verskeie ontwikkelings-, beroeps- en handelsverenigings funksioneer in Vereeniging om na die belange van hul lede om te sien en die plaaslike ekonomie te bevorder..[169] Die belangrikste van hierdie verenigings is die Vaaldriehoekse Streeksontwikkelingsvereniging, Vereenigingse Afrikaanse Sakekamer, Vereeniging Chamber of Commerce[170], Vereeniging

---

165 P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), ***'n Nywerheidsperspektief ...***, p.166.

166 P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), ***'n Nywerheidsperspektief ...***, pp.60,69; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 26 October 1962: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 30 April 1971: report.

167 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 10 March 1972: report.

168 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 5 March 1982: report.

169 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 17 August 1962: report.

170 ***Vereeniging News***, 4 December 1942: report.

Commercial Exchange, Vereenigingse Junior Afrikaanse Sakekamer en die Vaalnywerheidsvereniging.[171]

Daar is boere, nyweraars, professionele groepe, handelaars en verteenwoordigers van diensorganisasies in hierdie organisasies betrek. Die organisasies verteenwoordig ook al die verskillende kultuurelemente in Vereeniging waar wedersydse kultuur beïnvloeding plaasvind.[172]

Hierdie kontak het meegebring dat ontwikkelingsinvloede van ander gebiede ook na Vereeniging oorgedra is.[173] Dit behels die voordeel wat georganiseerde handels- en nywerheidsverenigings bied en sluit sake soos opleiding aan lede in bestuursposte in. Daar word ook inligting deurgegee wat lede in staat stel om beter te funksioneer.

Daar is ook voortdurende druk uitgeoefen op die regering om nadelige regulasies te skrap ten einde privatisering en deregulering in hierdie gebied te bewerkstellig.[174] By wyse van memorandums en skrywes aan die hoofbestuur van die hoofliggame is kennis van sekere knelpunte wat in sekere gebiede ervaar word, aan die orde gestel. Die knelpunte kan dan deur die betrokke organisasie se hoofbestuur verder gevoer word.[175]

Die resultaat van hierdie organisasies se betrokkenheid in Vereeniging het 'n groot bydrae tot die ontwikkeling van die ekonomiese en kultuurvlak van die gemeenskap gemaak. Die organisasies het ook georganiseerde opheffingswerk gedoen deur 'n bydrae tot bewaringsbewustheid, ondernemersbewustheid, diensbewustheid en kwaliteitsbewustheid en die skep van ideale by individue tot beter lewensomstandighede tuis te bring.[176]

Die kultuurvlak van die inwoners is ook beïnvloed deurdat die organisasies meegehelp het om 'n hoër ekonomiese vlak vir die individu moontlik te maak.[177]

---

171 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 17 August 1962: report; Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, p.39.

172 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 26 January 1979: report.

173 ***Vaalweekblad***, 12 Oktober 1979: berig.

174 Vgl. SOV, Jaarverslae en notules, 1985-1990; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 17 August 1962: report.

175 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 2 May 1969: report; SOV, Jaarverslae en notules, 1985-1990.

176 Vgl. SOV, Jaarverslae en notules, 1985-1990.

177 ***Vereeniging News***, 18 May 1945: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, May 1981: report.

Naas hierdie handelsaktiwiteite vervul veral die finansiële instellings eweneens 'n onontbeerlike diens aan die gemeenskap. Hierdie aspek van die tersiêre sektor word vervolgens bespreek.

## 9.7 DIE ONTWIKKELING VAN FINANSIëLE INSTELLINGS

Die finansiële instellings in Vereeniging het saam met die landsekonomie ontwikkel. Die finansiële instellings in Vereeniging het hand aan hand met die handelsektor ontwikkel en is ook as die streek se finansiële sentrum gevestig. Aanvanklik het die finansiële instellings vinnig ontwikkel. Dit wil egter voorkom of die laaste dekade ook gekenmerk is deur die invloed van die politiek op finansiële instellings.[178]

Die ontwikkeling van finansiële instellings was baie belangrik vir 'n ontwikkelende nywerheidsdorp soos Vereeniging.[179] Dit is 'n onontbeerlike infrastruktuur vir enige effektiewe ekonomiese-ontwikkeling. Die registrasie van die Nasionale Finansiële Korporasie was vir hierdie ontwikkeling belangrik.[180]

Die vroegste finansiële instelling in Vereeniging was die Standard Bank wat in Mainstraat (nou Voortrekkerstraat) gevestig is. Gedurende 1920 was daar twee banke in Vereeniging, naamlik Barclays Bank en Standard Bank.[181]

Sedert 1945 het die ekonomiese vlak van Vereeniging steeds gestyg nieteenstaande vele terugslae.[182] Kenmerkend van hierdie tyd is die geweldige uitbreiding wat daar op die finansiële gebied was. Die volgende instellings is in die loop van hierdie ontwikkeling in Vereeniging gevestig:

Alliedbank

Bank van Lisabon

Bank van die OVS

First National Bank (Voortrekkerstraattak en Burgersentrumtak)

---

178 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 26 October 1962: report.

179 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 30 April 1971: report.

180 A.J. Norval, *A quarter of a century of industrial progress ...*, p.105.

181 Anon., *Dagboek van Britse immigrant*, p.80.

182 *Vereeniging News*, 18 May 1945: report.

First National Western Bank Beperk

Nedfinbank

Nedbank (Merrimanlaantak en Multi-marksentrumtak)

Standard Bank (Lesliestraattak en Vereeniging-noodtak).[183]

Trust Bank (Lesliestraattak en Voortrekkerstraattak en Drie Riviere- tak)

Volkskas Beperk.

Die bougenootskappe en versekeringsmaatskappy word in Vereeniging deur die volgende instellings verteenwoordig:

United Eiendomsagentskap

Allied Bouvereniging

Grahamstown Building Society

Natal Bouvereniging

Saambou-Nasionale Bouvereniging[184]

Suid-Afrikaanse Permanente Bouvereniging

United Bouvereniging

African Lewensversekeringsgenootskap

Anglo American Lewensversekering

Auto & General Versekeringsmaatskappy

Fedlife Assuransie

Homes Trust Lewensassuransiemaatskappy

IGI Life Assurance Maatskappy

Liberty Life

183 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 17 September 1965: report.

184 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 13 October 1967: report.

Metropolitan Lewens

Momentum Lewensversekeraars

Mutual en Federale Versekeringsmaatskappy

Norwich Lewens

President Versekeringsmaatskappy

SA Eagle Versekeringsmaatskappy

SA Onderlinge Lewensversekeringsgenootskap

Sanlam Lewensversekeringsmaatskappy

Sanlam Lewensversekeringsgenootskap

Southern Lewensassosiasie[185]

## *9.7.1 FAKTORE WAT INSTELLINGS POSITIEF BEÏNVLOED HET*

Uit bostaande inligting is dit duidelik dat daar positiewe ekonomiese-ontwikkeling oor die jare in Vereeniging plaasgevind het. Vereeniging is dan ook beter voorsien van banke, bouverenigings en versekeringsmaatskappye as al die ander dorpe in die omgewing.[186] Dit word om hierdie rede as die streek se finansiële sentrum beskou. Hoewel die Vaaldriehoek 'n integrale deel van die PWV-gebied vorm, het hierdie streek dus 'n selfstandigheid op die terrein van professionele en finansiële dienste ontwikkel.[187]

Dit is egter slegs ten opsigte van korporatiewe finansiële dienste waaraan hier nog 'n tekort is, vanweë die feit dat die nywerhede se hoofkantore elders geleë is.

---

185 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, pp.62,63; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 17 September 1965: report.

186 A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide ...***, p.216; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 17 September 1965: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 13 October 1965: report.

187 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 29 August 1969: report; Anon., "The future is alive and well ...", T. Oosterbroek (Ed.), ***Vaal river complex 1985 and adjacent areas***, p.9.

## 9.7.2 FAKTORE WAT INSTELLINGS NEGATIEF BEÏNVLOED HET

Ten spyte van die groot omvang van die finansiële instellings en die hoop dat hulle doeltreffend genoeg sou wees om Vereeniging se ekonomie op 'n hoë effektiwiteitsvlak te hou, het daar tog verskeie probleme in dié verband ontstaan.[188]

Kapitaalvoorsiening het laag gebly omdat binnelandse besparing afgeneem het, die rentekoers hoog was en gevolglik die koste van kapitaal aansienlik verhoog het.[189]

Vereeniging as nywerheidsdorp vorm in hierdie opsig ook 'n integrale deel van Suid-Afrika. Negatiewe faktore wat in hierdie opsig genoem kan word sluit die volgende sake in. In Vereeniging, net soos die res van die land, is daar al gedurende die sewentigerjare 'n tekort aan geskoolde mannekrag ondervind. Daar was ook die effek van inflasie wat finansiering bemoeilik het en sake-ondernemings onder groot druk geplaas het. Mettertyd was daar die bewuswording by die nywerheidsektor van die lae produktiwiteit en die gevolglike rasionalisasie maatreëls wat ingestel is ten einde die doeltreffendheid van hulle kapitaal te verbeter. Finansiële instellings het daarom veral vanaf die sewentigerjare tot die kombinasiebeweging in Suid-Afrika toegetree. Die finansiële instellings het belangrike beleggers in die nywerheid geword.[190]

Suid-Afrika se ekonomiese vertoning gedurende die tagtigerjare was teleurstellend en 'n verdere nadelige faktor. Gedurende die eerste sewe jaar van die dekade het die ekonomiese groei, gemeet aan die BBP, op 'n gemiddelde jaarlikse koers van net 1,7% te staan gekom. Dit vergelyk swak met 'n geraamde jaarlikse bevolkingsaanwas van ongeveer 2,5%, wat 'n dalende lewenspeil vir die meerderheid van die bevolking beteken.[191]

Suid-Afrika staan tans in die middel van die strafste resessie sedert die dertigerjare. Die Suid-Afrikaanse ekonomie het deur 'n moeilike en belangrike aanpassingsfase gegaan, vanweë die twee dekades van ekonomiese afsondering van die res van die wêreld. Daar te lank onder die waan verkeer is dat 'n klein geskoolde bevolking 'n groot dinamiese ekonomie kan onderhou.[192]

---

188 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 30 April 1971: report.

189 Suid-Afrika Stigting, ***Beknopte feitebron ...***, pp.33-36.

190 S.J. Kleu, "Strukturele aspekte van die nywerheidsontwikkeling ...", p.468.

191 Suid-Afrika Stigting, ***Beknopte feitebron ...***, pp.33-36.

192 P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), ***'n Nywerheidsperspektief ...***, pp.170-173; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 2 May 1969: report.

Die kapitaaluitvloei sou nooit so groot gewees het as die Suid-Afrikaanse ekonomie nie deur so 'n uiters swak tydperk gegaan het nie. Tans is Suid-Afrika nog 'n netto terugbetaler van buitelandse fondse en die binnelandse vaste investering word vir hierdie doel aangewend.[193]

Ekonomiese groei kan slegs onder stabiele ekonomiese omstandighede plaasvind, wat op sy beurt 'n stabiele politieke situasie vereis. Daar is ook onsekerheid oor die toepassing van die rentekoerse beleid.[194]

Dit is so dat die finansiële instellings in Vereeniging veel gedoen het om, ten spyte van hierdie bogenoemde omstandighede, hierdie dorp se ekonomie en daarmee die kultuurvlak van die gemeenskap op 'n hoë vlak te hou.[195] Omstandighede gedurende die laaste dekade het egter veroorsaak dat die doelwitte nie altyd gerealiseer het soos wat daar beplan is nie. Die rede hiervoor kan in dié politieke omstandighede en die invloed daarvan op die ekonomie gevind word.[196]

Daar is byvoorbeeld gevind dat die buitelandse en binnelandse belegger wat wil belê, dit nie in 'n land wat polities onstabiel is soos Suid-Afrika, wil waag nie.[197]

Die ekonomie is ook in 'n groot mate deur apartheidswetgewing wat tot sanksies gelei het, beïnvloed. Daar is ook gevind dat die verandering van regering of regeringsvorm die Nasionale en internasionale ondernemings baie skade berokken het.[198]

Hierdie hoofstuk word afgesluit met 'n oorsig van die sosio-ekonomiese omstandighede wat in Toplokasie geheers het.

## 9.8 ASPEKTE VAN DIE SOSIO-EKONOMIESE-ONTWIKKELING IN TOPLOKASIE

Hierdie oorsig word deur die knellende ekonomiese omstandighede wat in die woonbuurt geheers het, ten grondslag gelê. In 'n oorsig van die sosio-ekonomiese toestand van die swart inwoners van Vereeniging is daar veral vier kenmerke wat sterk opval, naamlik die

---

193 P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), *'n Nywerheidsperspektief ...*, pp.160,167.

194 P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), *'n Nywerheidsperspektief ...*, pp.160,167.

195 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 2 May 1969: report.

196 Suid-Afrika Stigting, *Beknopte feitebron ...*, pp.25,28; *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 26 October 1962: report.

197 J.E. Coetzee, *'n Kritiese analise van finansiële bestuur ...*, p.40.

198 P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), *'n Nywerheidsperspektief ...*, p.354.

armoede in die gemeenskap; die swaard van verskuiwing wat vir dekades oor hulle koppe gehang het en sosio-ekonomiese-ontwikkeling geïnhibeer het; die voortdurende blootstelling aan statutêre vervolging; en les bes die bruisende gemeenskapslewe.

In sy verslag oor die finansiële implikasies van die verskuiwing van Toplokasie na 'n nuwe terrein, maak die Stadstesourier van Vereeniging die volgende stelling:

> "Strictly speaking the average urban native falls into the category of the `very poor', and should be called upon to pay only `token' rent."[199]

Dat hierdie stelling nie oordrewe is nie, blyk ook uit die verslag van die inspekteur van stedelike lokasies wat bevind het dat alhoewel die huur van 20/- en 24/- vir die munisipale huise op die oog af redelik was, die meeste swart gesinne dit glad nie kon bekostig nie.[200] In 1937 het inkomste uit lone van die man tussen 40/- tot 60/- gewissel, terwyl die vrou se inkomste tussen 15/- en 30/- per maand gewissel het. Die vaste uitgawes aan huur en belasting van 'n tipiese loseerdersgesin, wat meer as 50% van die inwoners uitgemaak het, het soos volg daar uitgesien: 15/- per maand huur aan die standplaashouer, 2/- per gesin per maand loseerdersfooie aan die munisipaliteit vir die verkryging van 'n woonpermit, plus 'n verdere 1/- per maand vir ongetroude kinders bo die ouderdom van 18 jaar, asook 20/- hoofbelasting per jaar aan die sentrale regering. In sommige gevalle is dus bykans 50% van 'n gesin se inkomste aan huur en belastings bestee. Dat lewenskoste in Vereeniging ook besonder hoog was, blyk uit die vergelykende syfers ten opsigte van die prys van melk. Terwyl 'n pint melk in Potchefstroom vir 1 tot 2 pennies aan swart mense gelewer is, het dit in Toplokasie 3 pennies gekos.[201]

Verder was so 'n gesin aanvanklik ook self verantwoordelik vir hulle totale mediese uitgawe, omdat geen mediese hulpfondsskemas vir swart mense bestaan het nie. Die Naturelle-arbeid Regulerings Wet van 1911 het ook bepaal dat aan swart slagoffers van nywerheidsongelukke minder vergoeding as aan blankes betaal word.

Die lae lewenspeil met gepaardgaande ondervoeding en die onbekostigbaarheid van mediese dienste was waarskynlik die belangrikste redes vir die hoë kindersterftesyfer in Toplokasie. Uit statistieke vir die tydperk Oktober 1930 tot Maart 1931 blyk dit dat 42 geboortes aangemeld is, terwyl 32 kinders onder die ouderdom van een jaar, nege kinders onder vyf

---

199 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2/B: letter from the Town Treasurer to Native Affairs Committee, 11 October 1938.

200 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: report of inspection at Vereeniging by Inspector of Urban Locations, 1 and 2 February 1937.

201 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Chief Health Inspector of Potchefstroom to the Town Clerk, Vereeniging, 21 December 1937; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from H. Davidson to G. Sanders, 24 December 1937.

jaar en nege kinders ouer as vyf jaar gedurende daardie ses maande gesterf het. Dit verteenwoordig 'n totale kindersterftesyfer van 50 uit 'n populasie van 3 000 binne 'n bestek van ses maande.[202] Hierdie syfers kan egter in die lig van die kort tydperk waarvoor statistieke beskikbaar is, nie as verteenwoordigend beskou word nie. Die tendens van hoë kindersterftesyfers is egter in 1945 deur middel van 'n empiriese ondersoek in Sharpeville bevestig. Op daardie stadium was alle inwoners van Sharpeville voormalige inwoners van Toplokasie. Uit 'n steekproef waarby 'n honderd gesinne betrek is, is gevind dat uit 'n totaal van 416 geboortes 'n getal van 140 kinders gesterf het. Die gemiddelde ouderdom waarop die kinders gesterf het, was 1,39 jaar. Van die 140 kinders het 28 gesterf voordat hulle 'n maand oud was en 'n verdere 44 voordat hulle 'n jaar oud was. Net vier van die 140 kinders het ouer as vyf jaar geword, maar ook gesterf voordat hulle tien jaar oud was.[203]

In Februarie 1935 besluit die stadsraad dat 'n oplossing gevind moes word vir die probleem en gee opdrag aan die stadsgeneesheer om twee alternatiewe te ondersoek. Eerstens of daar nie reëlings vir die behandeling van swart babas by die blanke hospitaal getref kon word nie, en tweedens of daar nie 'n mediesefonds in Toplokasie gestig kon word waartoe elke lid ongeveer 6d per maand sou bydra en dan medisyne teen kosprys kon ontvang nie.[204]

Die resultaat van hierdie ondersoek was dat 'n kliniekdiens in Toplokasie tot stand gekom het. Die geboue, apteekvoorraad, die suster se salaris en die proporsionele salarisse van die stadsgeneesheer en 'n tandarts sou uit die Naturelle Inkomsterekening en 'n subsidie vanaf die sentrale regering gefinansier word. Enige bonafide inwoner van Toplokasie kon mediese hulp by die kliniek teen betaling van die volgende fooie ontvang:

| | |
|---|---|
| Konsultasie by die kliniek: | 1/- |
| Huisbesoek deur die stadsgeneesheer, per besoek: | 2/- |
| Bevalling deur die stadsgeneesheer of suster behartig: | 10/6 |
| 'n Bottel medisyne: | 1/- |
| Behandeling van ongeluk of aanranding slagoffers: | 2/- [205] |

---

202 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: abstract of statistics supplied by the Location Superintendent, n.d.

203 J.T. Louw, ***Naturelle en lokasies onder die beheer van ...***, pp.74,75.

204 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Town Clerk to the Medical Officer of Health, 21 February 1935.

205 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letters from the Town Clerk to the Medical Officer of Health, 12 April 1935, 16 May 1935 and 25 November 1935; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Town Clerk to the Location Superintendent, 3 February 1936.

Tandartsdienste is ook by die kliniek verskaf, maar blykbaar nie goed ondersteun nie, want in 1936 rapporteer suster Schonken dat ongeveer 25% van die kinders aan die swart skole en 61% van die kinders aan die Kleurlingskool 'n ernstige graad van tandverrotting het. Sy skryf die gebrek aan bywoning van die tandheelkunde kliniek daaraan toe dat hulle nie die fooie kon bekostig nie.[206]

Die voorkoms van veneriese siektes was ook 'n ernstige probleem en in 1937 is daar besluit om 'n aparte kliniek vir die behandeling van veneriese siektes te open. Die doel van hierdie kliniek was hoofsaaklik om alle persone wat hulle in die woongebied wou vestig, te ondersoek om te verseker dat hulle nie 'n veneriese siekte onder lede gehad het nie.[207] Die voorkoms van tuberkulose het ook onrusbarende afmetings aangeneem en teen 1939 was daar reeds 40 lyers in Toplokasie wat behandeling ontvang het. [208]

'n Verskeidenheid faktore was waarskynlik daarvoor verantwoordelik dat die grootste persentasie van die swart inwoners in uiterste armoede geleef het. Die meeste van die werkers was ongeskoolde arbeiders wat lae lone verdien het. Selfs al was 'n swart man in staat om geskoolde arbeid te verrig, is hy deur die wet verhoed om dit te doen. Regulasies ingevolge die Mijnen en Bedrijven Wet van 1911 en die daaropvolgende wysigings van die wet, het werkafbakening ingestel deur geskoolde arbeid tot blankes te beperk. Dit het nie alleen swart mense van 'n hoër inkomste beroof nie, maar die dienste was aan hulle verskaf is, soveel duurder gemaak. Die munisipale huise in Toplokasie is byvoorbeeld deur blanke messelaars gebou. As gevolg van die groter arbeidskoste wat dit meegebring het, moes die huise teen 'n hoër tarief verhuur word.[209]

Al die inwoners van Toplokasie het egter nie tot die loonarbeidersklas behoort nie en 'n groot aantal ekonomiese opsies is suksesvol ontgin. In die toekenning van standplase is daar aanvanklik net voorsiening vir ses handelspersele gemaak. Die aanvraag hiervoor was egter so groot dat die persele gehalveer en huurders toegelaat is om meer as een winkel op 'n halwe standplaas op te rig. Soos die geval met woonhuise, kon besitreg van die geboue, maar nie van die grond, verkry word. Die sake wat bedryf is, het kruidenierswinkels, slaghuise en selfs twee eetplekke ingesluit.

---

206 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter of the Lady Health Visitor to the Town Clerk, 27 August 1936.

207 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Town Clerk to the Additional Native Commissioner, 16 July 1937.

208 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Town Clerk to the South African Institute of Race Relations (SAIRR), 6 September 1939.

209 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: report of inspection at Vereeniging by Inspector of Urban Locations, 1 and 2 February 1937.

Daar was ook 'n vervoerkontrakteur wat drie vragmotors besit het. Talle ander entrepreneurs het ook karweiwerk gedoen of kole met hulle perdewaentjies gesmous.[210] In 1936 het die stadsraad besluit om smouslisensies in Toplokasie slegs aan swart winkeliers toe te staan. Die swart handelaars het reeds vir etlike jare beswaar aangeteken teen die teenwoordigheid van die Asiatiese Bazaar net langs Toplokasie en die feit dat smouslisensies soms ook aan blankes toegeken is.[211]

Wrywing tussen die inwoners van Toplokasie en personeel van die Asiatiese Bazaar en het in Desember 1936 op 'n aanval op 'n Chinese winkelier, deur 'n groep swart jeugdiges, uitgeloop.[212]

Vroue wat nie as huishulpe of skoonmakers gewerk het nie, kon 'n inkomste as wasvrouens verdien. Wasgoed is in Vereeniging gekollekteer, in Toplokasie gewas en dan weer by die huise afgelewer. Die mees winsgewende bedryf was egter die brou en verkoop van bier en vroue wat 'n besondere sukses van hierdie bedryf gemaak het, het as die "skokiaan queens" bekend gestaan. Ongetroude Basotho-vroue is dikwels deur die owerhede daarvan beskuldig dat hulle 'n inkomste uit prostitusie verdien het. Daar bestaan egter geen dokumentasie om die bewerings ten opsigte van Vereeniging te staaf nie. Uit die statistieke wat vir 1934 beskikbaar is, blyk dit dat die meeste van die vroue waaroor daar twyfel was of hulle wel getroud was, nie van Basotholand afkomstig was nie, maar vanuit die Vrystaat, Suid-Transvaal en die Oos-Rand afkomstig.[213]

Die indruk van armoede in Toplokasie is sekerlik versterk deur die verwaarloosde voorkoms van 'n gedeelte van die woonbuurt. Die oorspronklike deel van die woonbuurt met sy klein standplasies, nou strate en bouvallige woonstrukture, was teen die 1930's 'n krotbuurt. Ook die res van die woonbuurt het 'n oorbevolkingsprobleem gehad, omdat meer as die helfte van Toplokasie se inwoners loseerders was. Op sommige van die standplase het tot 20 persone gewoon. Die strate was ongeteer en vol slaggate en modderpoele. Die feit dat toilette net driekeer per week skoongemaak is, het 'n reuk- en vlieëprobleem tot gevolg gehad. Dit is verder vererger deurdat feitlik al die inwoners diere, veral perde en melkkoeie,

---

210 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from Town Engineer to Town Clerk, 2 February 1940.

211 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: petition signed by C. Kubeka and seven other dealers and submitted to Town Clerk, 1 December 1932.

212 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from H.B. Nyati to Town Clerk, 8 January 1937.

213 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: particulars of permits refused for January, February and March 1934.

op hulle standplase aangehou het. Die meeste van die inwoners het egter probeer om hulle omgewing te verfraai deur groente- en blomtuine aan te lê.[214]

Toplokasie het teen 1935 'n amptelike inwonertal van 6 400 gehad.[215] Teen 1936 het Vereeniging 'n totale swart bevolking van 12 371 teenoor 'n blanke bevolking van 4 667 gehad. Gedurende 1938 het die aantal swart mense tot 16 694 toegeneem.[216] Ongeveer 10 000 van hierdie getal mense het in Toplokasie gewoon.[217] Duisende ekstra werkers is in diens geneem om groot uitbreidingsprojekte in Vereeniging af te handel. Sodra hierdie projekte voltooi was, is die tydelike werkers afgedank en het hulle die huisvesting wat aanvanklik voorsien is, verloor. Hierdie praktyk het derhalwe veroorsaak dat hulle ander werk in Vereeniging gekry en in Toplokasie gaan woon het. 'n Aantal van die nywerhede wat veronderstel was om self huisvesting aan hulle werkers te verskaf, se beskikbare huisvesting het nie tred gehou met die groei van hul arbeidsinname nie. Daar was gevolglik in 1937 ongeveer 1 500 mans in Toplokasie woonagtig aan wie werkgewers veronderstel was om huisvesting te verskaf.[218]

Vereeniging se Stadsraad was ook nie bereid om streng instromingsbeheer toe te pas nie, aangesien dit nywerheidsgroei kon benadeel. Gedurende 1938 is Vereeniging herhaaldelik deur die Departement van Naturellesake versoek om in terme van die Wet tot Wysiging van die Wette op Swartes, no. 46 van 1937, regulasies te proklameer om die instroming van swart mense in Vereeniging te beperk. In Mei 1938 stem Vereeniging wel toe om beperkinge op die vestiging van swart vroue te plaas.[219] In Oktober 1939 het die stadsklerk op 'n aanmaning deur die sentrale regering, dat soortgelyke regulasies vir mans in werking gestel moes word, soos volg geantwoord:

> "...I have to advise that my Council has given careful consideration to the suggestion of the Secretary for Native Affairs and has concluded, in the light of its knowledge of local conditions, that at the present juncture it would be

---

214 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: report of inspection at Vereeniging by Inspector of Urban Locations, 1 and 2 February 1937.

215 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from Town Clerk to Committee of Natives in Urban Areas, 26 November 1935.

216 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Town Clerk to the Non-European Housing and Native Administration Department, 8 November 1938.

217 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Superintendent to the Acting Town Treasurer, 18 October 1938.

218 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: verslag van die kommissie oor die Vereenigingse lokasie oproer, 1937 (bylae A en B).

219 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Town Clerk to the Secretary for Native Affairs, 2 May 1938.

disadvantageous to the Industries established here and to the interests of the town in general to request the Governor-General to issue a proclamation restricting the influx of Natives into the urban area of Vereeniging."[220]

Die geweldige oorbevolking het meegebring dat daar 'n tekort aan basiese dienste ontstaan het. Die ouers se grootste beswaar oor die toestand in Toplokasie was egter die gebrek aan onderwysgeriewe. In Vereeniging was die gebrek aan onderwysgeriewe hoofsaaklik toe te skryf aan die weiering van beide die stadsraad en die Transvaalse Onderwysdepartement (TOD) om verantwoordelikheid te aanvaar vir die uitgawes wat aan die voorsiening van onderwysgeriewe verbonde was. Die kerkgenootskappe, daarenteen, het nie oor die fondse beskik om skoolgeriewe aan al die kinders te verskaf nie.

Die Kleurling- en Indiërskole het direk onder die jurisdiksie van die Vereenigingse Skoolraad gestaan en het derhalwe nie dieselfde probleme as die swart skole ondervind nie.[221] Swart skole het ook onder die TOD geressorteer, maar onder 'n spesiale afdeling vir Naturelle-onderwys. Die TOD het geen geboue aan swart onderwys voorsien nie en alle meubels en ander skoolbenodigdhede is op 'n pond-vir-pond basis voorsien, mits die departement oor die nodige fondse beskik het. Die toerustingskoste van 'n skool moes derhalwe uit 'n skool se eie fondse verhaal word. Hierdie fondse is hoofsaaklik verkry uit die skoolgelde van 1/- per kwartaal wat ouers moes betaal vir elke kind wat as leerling ingeskryf was. Indien munisipaliteite en kerke bereid was om geboue te voorsien en hulle aan die streng voorskrifte van die TOD voldoen het, het die departement die salarisse van onderwysers aan die skole verbonde, betaal. [222]

Teen 1933 was daar twee kerkskole in Toplokasie wat op hierdie wyse ondersteuning van die TOD ontvang het, naamlik die Nederduitse Gereformeerde Kerkskool en die Metodiste Sendingskool. Die skool van die Anglikaanse Kerk het geen ondersteuning ontvang nie. Streng gesproke het nie een van hierdie skole aan die vereistes van die departement voldoen nie. Hierdie vereistes was dat daar vir elke 50 leerlinge 'n aparte klaskamer met 'n onderwyser beskikbaar moes wees en dat geen skool meer as 450 leerlinge kon hê nie.[223] In die Metodiste Sendingskool was daar 508 kinders met sewe onderwysers. In die

---

220 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Town Clerk to the Additional Native Commissioner, 28 October 1939.

221 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Secretary of the School Board to the Town Clerk, 22 October 1934.

222 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: brief van die Sekretaris van die Transvaalse Onderwysdepartement aan die Stadsklerk, Vereeniging, 26 Julie 1937.

223 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Inspector of Schools to the Town Clerk, 4 September 1935.

Nederduitse Gereformeerde Kerk se Sothoskool was daar 239 kinders met drie onderwysers en in hulle Xhosa-medium skool is die 104 kinders deur twee onderwysers onderrig.[224]

Nadat die dringende noodsaaklikheid van addisionele klaskamers deur die Adviesraad onder die aandag van Vereeniging se Stadsraad gebring is, het die stadsraad onderneem om die drie dameshostelle in klaskamers te omskep, mits die TOD bereid sou wees om 'n redelike huur vir die geboue te betaal. Hierdie skool sou dan onder die gesamentlike bestuur van die TOD en die stadsraad resorteer en derhalwe 'n nie-kerklike skool wees. Die antwoord van die TOD op hierdie aanbod was dat hulle nie oor die geld beskik het om enige ekstra onkostes met betrekking tot die salarisse van onderwysers of enige ander uitgawes aan te gaan nie.[225] 'n Maand later die departement hulle onvermoë soos volg verduidelik:

> "...the Provincial Administration does not provide for natives, and for three years has not been able to provide any additional teachers for understaffed schools".[226]

Die stadsraad was ook nie bereid om die koste verbonde aan die omskepping van die dameshostelle alleen te dra nie. Teen Desember 1933 besluit die ouers van Toplokasie op 'n massavergadering om die stadsraad te versoek om 'n skoolheffingsfonds van 3d per maand per gesin in te stel ten einde 'n fonds te begin waaruit geboue vir 'n openbare skool gefinansier kon word.[227]

In Oktober 1934, toe dit blyk dat meer as 200 kinders in die opelug moes skoolgaan, omdat die klaskamers te vol was, besluit die stadsraad om die gemeenskapsaal gratis aan die Metodisteskool beskikbaar te stel.[228] Teen 1935 het die aantal skoolkinders tot 1200 toegeneem, terwyl geen addisionele klaskamerruimte bygevoeg is nie. Die TOD het gevolglik druk op die stadsraad uitoefen om 'n skoolgebou op te rig. Op daardie tydstip het die stadsraad egter reeds die moontlike verskuiwing van Toplokasie begin oorweeg en was dus

---

224 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from H.B. Nyati to the Town Clerk, 10 November 1933.

225 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Town Clerk to H.M. Burrough, 25 September 1933; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Secretary, Transvaal Education Department to the Town Clerk, 29 September 1933.

226 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter form the Inspector of Native Education to the Town Clerk, 26 October 1933.

227 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Advisory Board to the Town Clerk, 15 December 1933.

228 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Town Clerk to the Secretary of the School Board, 18 October 1934.

nie bereid om 'n ekstra las op die Naturelle Inkomsterekening te plaas nie, omdat hierdie fondse benodig sou word om hervestiging te finansier.[229]

Die skaakmatsituasie lei in Januarie 1937 tot 'n persoonlike ontmoeting tussen die stadsraad, kerkverteenwoordigers en die hoofinspekteur van Naturelle-onderwys, dr. W. Eiselen. Tydens hierdie vergadering dreig dr. Eiselen om alle hulp aan die Metodiste en Nederduitse Gereformeerde Kerk se skole te staak omdat hulle lankal nie meer aan die department se voorskrifte voldoen nie. Een onderwyser is byvoorbeeld gebruik om meer as 300 leerlinge in een klaskamer te onderrig. Aan die eenkant spreek hy sy kommer uit oor die feit dat net 1 200 van die ongeveer 2 000 kinders van skoolgaande ouderdom in Toplokasie wel skole bywoon, maar op dieselfde vergadering beloof hy om aan die Anglikaanse Kerkskool ook staatsondersteuning te gee, mits hulle aan sekere voorskrifte sou voldoen.[230] Hierdie voorskrifte het behels dat die getal leerlinge aan die skool van 245 na 100 verminder moes word.[231] Selfs die Nederduitse Gereformeerde Kerkskool is aangesê om van 230 kinders ontslae te raak of hulle staatshulp te verbeur, waarop die Skoolkomitee besluit het om op eie koste die skool te vergroot.[232] Die akkommodasie van die Metodiste Sendingskool is ook vergroot deurdat die stadsraad besluit het om die gemeenskapsaal in vier te verdeel met behulp van verskuifbare houtafskortings. In 1939 is die skool situasie effens verlig deurdat 'n standplaas aan die Rooms Katolieke Kerk toegeken is, en hulle onmiddellik 'n saal opgerig het was as 'n skool gebruik is.[233]

In 1940 het 'n aantal ouers besluit om hulle eie skool te stig wat hulle die African Public School genoem het. Paul Moromoholo-Machabany is as onderwyser aangestel. Hierdie skool het geen geboue van sy eie gehad nie en het derhalwe enige beskikbare ruimte gebruik.[234] In 1941 stig die predikante van verskillende denominasies en die skoolhoofde 'n interkerklike organisasie wat hom vir die daarstelling van 'n nie-kerklike openbare skool sou

229 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Inspector of Schools to the Town Clerk, 4 September 1935; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Town Clerk to the Inspector of Schools, 1 October 1935.

230 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: notes of an interview between the mayor, councillor J.L. Sharpe and the chief inspector of Native Education, dr. Eiselin and the inspector of Native Education, Mr Liebenberg, 5 January 1937.

231 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Superintendent of Schools for the community of the resurrection to the Town Clerk, 20 February 1937.

232 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from P.M. Matsie to the Location Superintendent, 19 March 1937.

233 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letters from the Town Clerk to Bishop O'Leary, 6 February 1939, 2 March 1940.

234 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from J.R. Molantoa to the Town Clerk, 5 October 1940.

beywer.[235] Dit sou egter nog jare duur voordat die daarstelling van hierdie skool sou realiseer. Die stadsraad het eers in 1943 besluit om een van die manshostelle in 'n skool met 'n huishoudkunde- en handwerksentrum te omskep. Op hierdie wyse het die Lekoa Shandu Sekondêre Skool tot stand gekom.[236]

Reeds voor 1930 het twee van die nywerhede, Brick & Tile en USKO skole vir die kinders van hulle werknemers in hulle eie woonbuurte op die been gebring. Teen 1937 het daar reeds ongeveer 500 families in Mafumê en 40 families in Mashogeng gewoon.[237] Maar weinig ander opvoedkundige en rekreasie fasiliteite is aan die swart inwoners van Vereeniging verskaf. Derhalwe moes hulle Toplokasie besoek vir kulturele, sport en kerklike aktiwiteite.

Georganiseerde sport en ontspanning is vanaf 1938 deur 'n sportorganiseerder, wat aan die Superintendent moes rapporteer, gekoördineer. Mnr. J. Ngwenya, 'n onderwyser aan die Nederduitse Gereformeerde Kerkskool, is as eerste sportorganiseerder aangestel. Teen die einde van 1938 was daar reeds 17 sokkerklubs met 'n totale ledetal van 373 spelers in Vereeniging en is daar met interklub kompetisies begin. Tennis en golf (40 spelers) het ook heelwat aftrek van albei geslagte gekry.

Die dansklub was so gewild dat die organiseerder gekla het dat die grammofoon tot hulle beskikking te klein was om behoorlik musiek aan al die dansers te verskaf.[238]

In 1939 besluit die inwoners van Toplokasie om hulle eie sport- en ontspanningsvereniging te stig, wat as die Southern Transvaal Bantu Football Association bekend gestaan het.[239] Ngwenya was egter steeds die sportorganiseerder. Die naam van die vereniging is in 1940 na die Southern Transvaal Bantu Sports Association verander, maar was steeds misleidend, aangesien heelwat ander aktiwiteite as sport deur die vereniging gekoördineer is.

'n Seunsklub is gestig wat elke Donderdagaand in die gemeenskapsaal vergader het. Dit is spoedig gevolg deur 'n Padvindersklub vir seuns en 'n "wayfarers" klub vir dogters. Terwyl

235 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/5, vol.1: letter from P.J. Mayekiso to the Secretary of the Location Advisory Board, 31 March 1941.

236 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/16, vol. 2: letter from the Secretary for Native Affairs to the Additional Native Commissioner, 19 May 1943.

237 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: verslag van die kommissie oor die Vereenigingse lokasie oproer, 1937 (bylaag A).

238 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: report of the Sports Organiser, 1 November 1938.

239 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from A.H.P. Molefe to the Town Clerk, 1 April 1939.

die seunsklub hoofsaaklik gimnastiek en boks beoefen het, het die padvinders en "wayfarers" allerhande vaardighede aangeleer en op velduitstappies gegaan. Daar is ook met 'n musiektalentkompetisie vir die jeug begin.[240]

Die inwoners van Toplokasie was bevoorreg om biblioteekfasiliteite tot hulle beskikking te hê. In 1935 was Vereeniging een van slegs ses munisipaliteite wat 'n jaarlikse bydrae van £5 uit die Naturelle Inkomsterekening aan die Carnegie Nie-Europese Biblioteek gemaak het. Die biblioteek, wat vanuit Germiston geopereer het, het biblioteekboeke aan drie sentrums in Toplokasie verskaf, naamlik die Kleurlingskool, die Metodiste Sendingskool en die biblioteek vir volwassenes wat in die gemeenskapsaal gehuisves is. Ongelukkig is geen gegewens oor Vereeniging se leserspubliek in die besonder bekend nie, maar dit kan tog met redelike sekerheid aanvaar word dat die algemene opmerkings wat in die Carnegie Biblioteek se jaarverslag gemaak word, ook op Toplokasie van toepassing was. Hiervolgens het lesers veral in geskiedenisboeke, biografieë en boeke oor Afrika belanggestel. Baie min fiksie is gelees, waarskynlik omdat die idee van lees ter wille van selfontwikkeling baie sterker by swart lesers geweeg het, as lees ter wille van ontspanning.[241] Hierdie diens is egter so geesdriftig in Vereeniging ondersteun dat die Carnegie Biblioteek die stadsraad versoek het om die jaarlikse donasie na £10 te vergroot.[242] Die Openbare Biblioteek van Vereeniging het ook 'n bydrae gelewer deur boeke en tydskrifte onder hulle lesers te versamel en aan Toplokasie se biblioteek geskenk het.[243]

Oor naweke was Toplokasie 'n miernes van bedrywighede, want die ander swart inwoners van Vereeniging het daarheen gestroom om aan die kulturele en kerklike aktiwiteite deel te neem.

Sodra daar 'n standplaas in Toplokasie aan 'n kerkgenootskap toegestaan is, moes die genootskap onderneem dat swart mense nie langer toegelaat sou word om die kerkperseel in die blanke gebied te besoek nie.[244] Volgens Louw was daar, "benewens 'n duisternis van ander onbekende Geloofsgroepe wat net kom dienste hou het", ook 19 ander kerkgenootskappe in Toplokasie verteenwoordig Die gemeentes van die Nederduitse

240 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: report of the Southern Transvaal Bantu Sports Association, 16 May 1940.

241 Carnegie Nie-Europese Biblioteek, Transvaal, ***Eerste verslag van die komitee*** (ongep. verslag, Germiston, 1935), p.5.

242 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Librarian, Transvaal Carnegie Non-European Library to the Town Clerk, 16 November 1935.

243 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Librarian, Vereeniging Public Library to the Town Clerk, 30 November 1939.

244 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Town Clerk to Bishop O'Leary, 6 February 1939.

Gereformeerde Kerk, die St. John Bosco's Catholic Mission met net meer as 'n duisend lidmate elk en die Methodist Church of South Africa met 900 lidmate, was die grootste kerkgenootskappe.[245] Aangesien daar slegs 14 kerkpersele beskikbaar was, moes die ander kerkgenootskappe die gemeenskapsaal huur. Teen 1935 was daar so 'n groot aanvraag vir die gemeenskapsaal op Sondae dat 'n regulasie uitgevaardig is waarvolgens 'n kerkdiens nie langer as drie ure kon duur nie, en die saal tot tienuur saans beskikbaar sou wees.[246]

Op Saterdagaande is danse in die gemeenskapsaal gehou en vanaf 1939 het 'n Indiër, C. Mohammed, toestemming verkry om ook films op Saterdagaande te vertoon. Perderesies wat op die oop stuk veld waar die woonbuurt Duncanville later aangelê sou word, gehou is, was ook 'n gewilde tydverdryf. Mense het op die erf met 'n sementoppervlak bymekaar gekom om dambord en ander dobbelspeletjies te speel. Dobbel was skynbaar 'n gewilde tydverdryf. Die fafi-nommerspel is deur Chinese-handelaars in Toplokasie bekendgestel. Die spel het behels dat die bankier ('n handelaar) 'n nommer na willekeur trek, nadat weddenskappe op 'n nommer, van 1-36, gekoppel aan 'n voorwerp geplaas is. Die weddenskappe is geplaas deurdat die sogenaamde "fafi-queens", wat vir die handelaar gewerk het, hulle helpers deur Toplokasie en selfs deur Vereeniging gestuur het om weddenskappe te bekom. Alle persone wat op die gelukkige nommer verwed het, het dan tot vierkeer die verwedde som teruggekry, afhangende van hoeveel persone hulle weddenskappe op hierdie nommer geplaas het.[247]

Die meeste besoekers vanaf die kampongs het waarskynlik na Toplokasie gekom om bier te koop. Sorghumbier, en veral die owerhede se reaksie op die brou en verbruik van hierdie bier, het 'n destabiliserende invloed op die lewens van verstedelikte swart mense gehad. Sorghumbier is tradisioneel in Suid-Afrika gebrou honderde jare voordat die blankes hulle hier gevestig het. Tradisionele sorghumbier is 'n baie ligte drank met 'n alkohol inhoud van ongeveer 2%.[248]

Dit was 'n belangrike proteïne en vitamine bron in die tradisionele dieet en is selfs deur blankes gebruik om maagongesteldhede en koorsblare te behandel.[249] Die mynbase het egter geglo dat sorghumbier medeverantwoordelik was vir werksafwesigheid as gevolg van drankmisbruik en het hulle suksesvol beywer vir wette om die brou daarvan onwettig te

245 J.T. Louw, ***Naturelle en lokasies onder die beheer van ...***, pp.121,122.

246 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: extract from the minutes of a meeting of the Town Council of Vereeniging, 26 February 1935.

247 J.T. Louw, ***Naturelle en lokasies onder die beheer van ...***, pp.114-117.

248 Union of South Africa, ***Report of the Native Economic Commission, 1930-1932***, UG 22/1932, p.110.

249 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Town Clerk to the Additional Native Commissioner, 12 September 1939.

maak. Kragtens die Swart (Stedelike Gebiede) Wet van 1923 en die Drankwet van 1928 is die brou van enige bier deur swart mense tot 'n kriminele oortreding verklaar.

In Vereeniging is die tradisionele sorghumbier **jwala** (Sotho) of **umkombothi** (Zulu) genoem, maar dit is nie die enigste bier wat gebrou is nie. **Babatone-** of **swaaibekbier**, waar onder andere brood, suurdeeg en selfs soms pruimtwak bygevoeg is, het 'n veel hoër alkohol inhoud gehad en was besonder gewild onder die kampongbewoners. **Hopanebier** het die hoogste alkoholinhoud gehad en hierin is glo soms tot batterye gegooi. **Pineapolebier** was, soos die naam aandui, van pynappels en hawermout gebrou. Die brou van bier was 'n hoë risikoberoep, maar het 'n goeie inkomste verseker. Gereelde klopjagte is uitgevoer om bier te vernietig en die oortreders aan te keer. 'n Effektiewe waarskuwingstelsel is deur die "skokiaan queens" ontwerp. Hulle het impies in diens geneem wat hulle deur middel van 'n stelsel van tekens op hoogte gehou het van die polisie se bewegings.[250] Voorrade bier is gewoonlik in 'n gat in die grond versteek waaroor 'n sinkplaat geplaas is wat dan weer met grond bedek is. Die polisie het hierdie wegsteekplekke ontdek deur met soekysters op die grond te stamp sodat die hol weerklank die bêreplekke kon verraai. In Vereeniging is die klopjagte aanvanklik slegs deur die polisie gedoen. Hulle is deur die munisipale polisie bygestaan. Die stadsraad het gevoel dat dit die werksverhouding tussen die inwoners en die Superintendent nadelig sou beïnvloed as hy met hierdie klopjagte geassosieer word.

Tydens klopjagte is egter nie net jag gemaak op onwettige bierhouers nie. Daar is van swart mense verwag om 'n aantal dokumente voortdurend aan hulle persoon te dra en op aanvraag van enige polisieman onmiddellik te toon. Hierdie dokumente het kollektief as passe bekend gestaan. Dit het 'n woon- of loseerderspermit om aan te toon dat 'n persoon wel toestemming gehad het om in 'n gebied te woon, 'n besoekerspermit as hy nie in die gebied woonagtig was nie, of 'n werksoekpermit, ingesluit. Verder moes hy ook onmiddellik bewys kon lewer dat sy hoofbelasting vir die jaar betaal was deur die betrokke kwitansie aan sy persoon te dra. Indien hy 'n burger van 'n ander land soos byvoorbeeld Basotholand was, moes hy 'n vrystellingsertifikaat by hom dra. Indien 'n persoon in gebreke gebly het om enige van hierdie dokumente onmiddellik op aanvraag te vertoon, is hy summier gearresteer. Die munisipale polisie kon ook mense wat nie kwitansies kon toon dat hulle huurgeld betaal is nie, arresteer omdat die nie-betaling van huur ook 'n kriminele oortreding was.

In die verslag van die kommissie wat ondersoek moes instel van die aanval op polisiemanne in 1937, is bevind dat hierdie klopjagte soms met onnodige geweld gepaard gegaan het. In Vereeniging is aanrandings tydens arrestasies ook deur die munisipale polisie gepleeg, maar

---

250 E.M. Pule, Onderhoud, 28 Mei 1991.

hierteen het die inwoners 'n verweer gehad. Hulle kon siviele gedinge aanhangig maak[251], by die Superintendent beswaar aanteken of selfs 'n klag by die Suid-Afrikaanse Polisie lê.[252] Klagtes oor die gedrag van die polisie tydens klopjagte het skynbaar geen vrugte afgewerp nie. Twee weke voor 'n insident wat bekend sou staan as die Vereenigingse lokasie oproer, het die Adviesraad tydens 'n vergadering die ontevredenheid van die inwoners oor die ruwe behandeling wat hulle van die polisie ontvang het, aan die stadsraad oorgedra. Skynbaar het die gegriefdheid teenoor die polisie toegeneem nadat 'n vangwa die eerste keer in Junie 1937 in gebruik geneem is. Die ingebruikstelling van die vangwa het meegebring dat die aantal klopjagte per maand verdubbel het, en inwoners het gegrief gevoel oor die geweld waarmee hulle agter in die vangwa gegooi is, nadat hulle gearresteer is. Dat klopjagte wel in intensiteit toegeneem het, blyk uit die statistieke wat aan die Kommissie van Ondersoek na die aangeleentheid, beskikbaar gestel is. Terwyl daar in die eerste vyf maande van 1937 dertien klopjagte uitgevoer is, is daar in die drie maande na die aankoms van die vangwa (Junie - Augustus) 18 klopjagte uitgevoer.[253] Hierdie klopjagte kon enige tyd van die dag of nag uitgevoer word.

Die naweek van 18-19 September 1937 het begin soos elke ander naweek. Besoekers vanaf die dorp en die kampongs het Toplokasie binnegestroom om aan sportaktiwiteite deel te neem, gesellig met vriende te verkeer en bier te drink. Streng gesproke moes elkeen van hierdie besoekers eers 'n besoekerspermit by die Superintendent kry, maar omdat die gebied nie omhein was nie en dit derhalwe onmoontlik was om die kom en gaan van besoekers te kontroleer, is die regulasie nie streng toegepas nie. Die hoof vergaderplek was die oopruimte of dorpsplein. Die stadsraad het hierdie oop ruimte geskep en 'n gedeelte van 'n sementblad voorsien sodat die mense daar kon vergader, aangesien enige samedromming van mense tussen woonhuise deur die polisie as verdagte optrede beskou is.[254] Op die sementblad is morabaraba, 'n tradisionele dambordspel, gespeel en gedans.

Aangesien die bierhandel oor naweke gefloreer het, het hoofkonstabel Snijman, wat in beheer van die Vereenigingse polisie was, besluit om die Saterdagmiddag 'n klopjag uit te voer. Die klopjag, waaraan 16 polisiemanne en sewe munisipale polisiemanne deelgeneem

251 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from Rood Bros. & Snijman to the Town Clerk, 1 May 1936; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from Vorster, Carter & Steyn to the Town Clerk, 24 April 1937.

252 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Station Commander of the South African Police, Vereeniging to the Town Clerk, 9 January 1937.

253 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: verslag van die kommissie oor die Vereenigingse lokasie oproer, 1937.

254 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: memorandum of a meeting held in the office of the Native Location Superintendent, Vereeniging {statement made by the Superintendent}, 22 September 1937.

het, het soos gewoonlik verloop en agt vrouens is gearresteer vir die onwettige besit van bier en na die Superintendent se kantoor geneem. Hierna is hoofkonstabel Snijman en speurderkonstabel Baartman met die vangwa na die dorpsplein. Daar aangekom, het 'n swart man na bewering 'n klip in die rigting van die vangwa gegooi. Baartman het uitgespring om hom te arresteer, maar sy pogings om die man in die vangwa te laai, is egter verydel toe 'n groep mans op hulle afgestorm en die gevangene bevry het. Hierna is die vangwa deur 'n aantal omstanders onder klippe gesteek en moes Snijman na veiligheid jaag, terwyl Baartman met sy rewolwer skote in die lug gevuur het. Slegs een van die munisipale polisiemanne is lig beseer toe hy Baartman wou gaan help om die arrestasie uit te voer en hy deur die omstanders verhinder is.[255]

Na die vertrek van die polisie het die toestand na normaal teruggekeer, want die Superintendent kon geen tekens van aggressiwiteit of abnormale gedrag vind toe hy onmiddellik daarna deur die woonbuurt beweeg het om die toestand te evalueer nie. Later die dag is hy deur die polisie in kennis gestel dat hulle die klopjag die Sondagoggend om vyfuur sou voortsit en dat sy munisipale polisie hulle weer moes vergesel. Toe hulle die volgende oggend nie opdaag nie, het hy aangeneem dat hulle besluit het om die klopjag te laat vaar.[256] Dit was egter nie die geval nie. Snijman het onmiddellik versterkings van sy hoofbevelvoerder in Heidelberg aangevra en nadat dit toegestaan is, het hy besluit om die klopjag Sondagmiddag, met behulp van 31 polisiemanne en sewe munisipale polisiemanne uit te voer.

Die rede vir die verskuiwing van die tyd van die klopjagte was waarskynlik omdat die hoofdoel van die klopjag was om gesag af te dwing en die verlore aansien van die vorige dag te herwin. Om vyfuur op 'n Sondagmôre sou net die wettige inwoners deur die klopjag geraak word, en Snijman moes bewus gewees het van die feit dat besoekers medeverantwoordelik was vir die uittarting van sy gesag die Saterdagmiddag. Die daaropvolgende gebeure het vir die inwoners van die swart dorp as net so 'n groot skok as vir die polisie gekom. Adviesraadslid Moleleki het die gevoel van die inwoners as soos volg verwoord:

> "The recent occurrences were most unexpected and surprising. It appeared to him that the raid had been arranged to goad the people in doing some harm. The Superintendent can go into the Location at any time with perfect

---

255 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: verslag van die kommissie oor die Vereenigingse lokasie oproer, 1937.

256 Town Council of Vereniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from H.U. Davidson to the Town Clerk, 19 September 1937.

safety. He deeply regretted what had occurred but thought the cause of the trouble was the manner in which the police conducted their raids."[257].

Hierdie siening is ook deur eerwaarde Selepe en biskop Hullana ondersteun. Die meeste van die inwoners, al het hulle die optrede van die skare veroordeel, was oortuig daarvan dat die polisie die Sondagmiddag teruggekeer het om wraak te neem. Hulle het hulle bewerings hoofsaaklik gegrond op die feit dat die polisie die Sondagmiddag geen soekysters by hulle gehad het nie, en dus nie daar was om bier te soek nie. Hierdie aantygings is deur die Kommissie van Ondersoek verwerp wat die mening toegedaan was dat Snijman se verduideliking dat die klopjag na die Sondagmiddag verskuif is, omdat dan meer belasting- en pasoortreders aangekeer kon word, aanvaarbaar was.[258]

Die kommissie het ook gevind dat indien Snijman wou wraak neem, hy nie sy polisiemag in kleiner groepe sou verdeel en die woonbuurt sou instuur nie. Snijman het egter nie hierdie groepe ingestuur om na bier te soek nie, maar om mense aan te sê om op die dorpsplein te vergader. Snijman se ontkenning dat hy so 'n bevel gegee het, is deur die kommissie verwerp omdat al die groepe volgens dieselfde patroon opgetree het. Sommige inwoners is selfs aangerand toe hulle weier om na die plein te gaan, en aan een man wat hom wou verset het is na bewering gesê, "today is now yesterday".[259]

Die motief agter Snijman se optrede is nooit vasgestel nie, want die oomblik toe die vangwa op die plein aankom, en Snijman en die konstabels uitklim, het die skare aggressief geraak en hulle met klippe bestook Dit is dan ook deur die kommissie beklemtoon dat die kleiner polisiepatrollies met veiligheid te voet deur die gebied beweeg het, sonder dat daar enige tekens van aggressiwiteit teenoor hulle openbaar is. Die aggressie was aanvanklik duidelik teen die vangwa en die polisie in sy onmiddellike omgewing gemik. Snijman het die polisie by hom beveel om met hulle rewolwers op die skare te skiet, maar toe hulle nie terugval nie, het die polisie in die rigting van die Superintendent se kantoor begin terugval. Konstabel Pienaar het probeer om die vangwa na veiligheid te neem, maar is met 'n klip teen die kop getref waarna die vangwa in die agterplaas van 'n huis net langs die plein tot stilstand gekom het. Hier is hy met 'n mes, stokke en klippe aangeval en ernstig beseer. Twee ander

---

257 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: memorandum of a meeting held in the office of the Native Location Superintendent, 22 September 1937.

258 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: verslag van die kommissie oor die Vereenigingse lokasie oproer, 1937.

259 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: memorandum of a meeting held in the office of the Native Location Superintendent, 22 September 1937.

konstabels, Greyling en Van Staden, is deur die skare oorval en doodgemaak, terwyl twee swart konstabels ernstig beseer is.[260]

Die blanke gemeenskap van Vereeniging het onmiddellik om wraak geroep. Daar was gerugte dat die lyke van die polisiemanne ten toon gestel is en dat selfs skoolkinders verby hulle moes loop. Daar is ook met die beskadigde vangwa in Vereeniging se strate rondgery om gevoelens op te sweep.

Onmiddellik nadat die gebeure in Toplokasie bekend geword het, is 'n polisiemag van 123 man na Vereeniging gestuur waar hulle gedurende die Sondagnag die swart woonbuurt omsingel, en met 'n sistematiese arrestasieveldtog begin het. Teen Maandagoggend was tussen 420 en 450 persone in hegtenis geneem. Die meeste van hierdie mense is in hegtenis geneem omdat hulle nie die vereiste passe en belastingkwitansies kon toon nie. Maandagmiddag het die Magistraat van Vereeniging egter opdrag vanuit Pretoria gekry om almal wat net op grond van belasting- en pasoortredings aangehou is, vry te laat. Ongeveer 70 mense is aangehou om later aangekla te word vir hulle aandeel in die oproer, maar net twee is van moord aangekla.

Hierdie vrylatings het die blanke gemoedere nog verder opgesweep en die Woensdag is daar 'n massavergadering, wat deur ongeveer 1 500 blankes bygewoon is, gehou. Hier het hulle onder andere geëis dat genl. Smuts as minister van Justisie moes bedank. Terwyl die vergadering aan die gang was het 'n swart man niksvermoedend op sy fiets verby die markplein gery. Toe die blankes hom gewaar, het hulle op hom toegesak en hom aangerand, maar hy is deur die polisie gered. Verskeie ander swart mense is egter in die loop van daardie week deur blankes aangerand, sodat hulle later te bang was om tussen hulle werkplekke en tuistes te beweeg.[261]

Die bevindings van die kommissie het kortliks daarop neergekom dat swart mense se wrok teen die vangwa 'n aanleidende oorsaak was, maar dat die hoofoorsaak die gebrek aan beheer in Toplokasie was. Veral die gebrekkige instromingsbeheer is skerp gekritiseer en daar is aanbeveel dat die swart woonbuurt onmiddellik omhein moes word om besoekers oor naweke daar uit te hou. Ten spyte van statistieke wat aan die kommissie voorgelê is wat aangetoon het dat minder as 'n sesde van die misdade in Vereeniging deur inwoners van Toplokasie gepleeg is[262], het die kommissie bevind dat dit 'n misdadige plek was wat streng beheer moes word. Verder is aanbeveel dat die Superintendent self met die hulp van

260 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: verslag van die kommissie oor die Vereenigingse lokasie oproer, 1937.

261 J.E.H. Grobler, "The Vereeniging riots of 1937", ***Historia***, vol. 32, no. 2, September 1987, pp.50-53.

262 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from Rood Bros. & Snijman to Town Clerk, 19 October 1937.

sy munisipale polisie die klopjagte vir bier moes uitvoer. Die kommissie het wel bevind dat klagtes oor brutale optrede aan die kant van die polisie geregverdig was, en het aanbeveel dat munisipale polisiemanne verbied moes word om sambokke te dra.[263]

Bewerings wat deur sommige blankes gemaak is, dat die insident die gevolg was van opswepery deur kommunistiese agitators, is deur die kommissie verwerp. Dit skyn inderdaad asof daar geen bewuste politieke organisasie in Toplokasie plaasgevind het nie. Vanaf 1933 was daar wel 'n Vigilantekomitee wat gereeld beswaar aangeteken het teen die Adviesraad se vermoë om die gemeenskap se saak effektief te stel. Verder het Paul Moremoholo-Machabany met onvermoeide ywer, en tot groot irritasie van die blanke amptenare, sy klagtes oor die toestand in Toplokasie op skrif gestel in briewe aan die Eerste Minister, die Minister van Justisie en die Stadsraad van Vereeniging.[264]

Die vernaamste gevolge van die insident en die aanbevelings van die kommissie, was dat Toplokasie omhein is en die hekke snags gesluit is. Bedags moes 'n woonpermit of besoekerspermit getoon word voordat toegang tot die woonbuurt verkry kon word. Die geld wat voorheen tentatief vir 'n skoolgebou bewillig is, moes nou gebruik word om die heining te finansier.[265]

Die stadsraad het ook besluit om 'n bierbrouery en 'n biersaal op te rig om self sorghumbier aan die swart inwoners te verkoop. Hierdie stelsel is reeds vanaf 1910 op 'n winsgewende basis deur die Stadsraad van Durban bedryf. In 1937 is wetgewing aanvaar waardeur twee keuses aan munisipaliteite gestel is. Hulle moes of tuisbierbrouery wettig deur lisensies aan huiseienaars toestaan, of hulle moes self sorghumbier brou en aan die swart inwoners verkoop. Die kommissie het aanbeveel dat die Stadsraad van Vereeniging onmiddellik stappe moes neem en een van die twee stelsels in werking te stel. Ten spyte van herhaaldelike versoeke van die Adviesraad dat tuisbrouery gewettig moes word, het die stadsraad besluit om self 'n biersaal op te rig.[266]

---

263 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: verslag van die kommissie oor die Vereenigingse lokasie oproer, 1937.

264 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from P.J.J.M. Moremoholo-Machabany to whom it may concern in any municipal office, 8 August 1938; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from H.U. Davidson to the Town Clerk, 12 August 1938.

265 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Town Clerk to the Secretary, Transvaal Education Department, 17 January 1938.

266 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/12/A: minutes of the special meeting of the Location Advisory Board, held in the Location Superintendent's office, 17 December 1937; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/12/A: letter from the Town Clerk to H.U. Davidson, 14 December 1937.

Aanvanklik sou hierdie besluit ernstige finansiële implikasies vir Vereeniging se Naturelle Inkomsterekening inhou. Die Naturelle Inkomsterekening het tot met die 1939/40 boekjaar, toe hierdie bierskema in werking gestel is, 'n jaarlikse surplus getoon. Die kapitale uitgawe van £5,000 en die jaarlikse bedryfskoste van ongeveer £1,700 van die bierskema met 'n inkomste van ongeveer £500 was hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik dat die surplus in 'n groeiende tekort omskep is. 'n Lening van £5,115 teen 4% rente is van die National Mutual Life Association of Australasia verkry wat oor 'n tydperk van 25 jaar uit die Naturelle Inkomsterekening terugbetaal moes word.[267] Die stadsraad het beoog om die tekort aan te vul deur loseerdersfooie met 'n 100% te verhoog, wat 'n ekstra inkomste van £3,000 per jaar sou meebring[268], maar die Minister van Naturellesake het geweier om dit goed te keur weens die finansiële onvermoë van die swart inwoners.[269]

Aanvanklik was die bierskema dus 'n totale mislukking. Die inbedryfstelling van die biersaal wat vir Julie 1938 beplan is, moes herhaaldelik uitgestel word, en die biersaal is eers op 9 September 1939 geopen. Gedurende die voorafgaande jaar en nege maande is tuisbrouery toegelaat, maar weer onmiddellik verbied toe die stadsraad se brouery begin produseer het. Dit het ontevredenheid en gegriefdheid tot gevolg gehad, veral aangesien daar weer in September 1939 met bierklopjagte begin is. Die biersaal het min aftrek gekry en die stadsraad het dit vertolk as 'n georganiseerde boikot waarin hulle gepoog het om regulasies ingestel te kry waarvolgens geen uitgeloopte graan of mout in Vereeniging verkoop mag word nie. Geen suurdeeg mag ook aan swart mense verkoop word nie.[270] Die Minister van Naturellesake het hierdie aansoek ook afgekeur omdat hy gevoel het dat alles moontlik gedoen moes word om 'n beter verhouding tussen die verskillende rassegroepe te bewerkstellig.[271]

Intussen het die stadsraad aan die bierbrouer, McKenzie, op sy aandrang toestemming verleen om self klopjagte uit te voer en vermeende bierbrouers te arresteer.[272] Die

267 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/16, vol. 1: letter from the Secretary for Native Affairs to the Director of Native Labour, 16 February 1939.

268 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/16, vol. 1: letter from H.U. Davidson to the Town Treasurer, 23 June 1939.

269 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/17/B: letter from the Secretary for Native Affairs to the Mayor, Vereeniging, 17 July 1941.

270 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/12, vol. 1: letter from the Town Clerk to the Provincial Secretary, 1 December 1939.

271 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/12, vol. 1: confidential letter from the Secretary of Native Affairs to the Town Clerk, 3 July 1940.

272 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from McKenzie to the Chairman of the Native Affairs Committee, 31 October 1940.

stadsraad het ook gepoog om die bron van die mout waarmee die "skokiaan queens" hulle bier gebrou het, te vernietig. Toe daar gevind is dat die raad self nie bymagte was om iets te doen aan die drie Chinese handelaars, Ah Tho Sun King, Lai Holly en Quan Moon Bros., in die Asiatiese Bazaar wat mout vervaardig het nie, is die hulp van die Inspekteur van fabrieke ingeroep, wat op grond van die Fabriekswet uiteindelik hierdie moutfabriek gesluit het.[273] Dit het egter nog steeds nie die omset van munisipale bierverkope vergroot nie. Waarskynlik was hierdie bier net te sleg om te drink. Dit is reeds in 1943 deur ene Smit, die assistent-superintendent, gesuggereer toe hy voorgestel het dat die brouery liewer swart vroue in diens moes neem om die bier te brou. Hierdie voorstel is in 1944 weer eens deur die superintendent, Ravenswaay, herhaal.[274] Toe drie munisipale brouers in 1950 'n nuwe bierbrouproses ontwikkel het, waarvan die eindproduk baie soos tradisionele sorghumbier gesmaak het, het bierverkope skielik die hoogte in geskiet en het die biersaal uiteindelik 'n wins begin toon.[275]

Die stadsraad was egter vas oortuig daarvan dat onwettige tuisbrouery te blameer was vir die mislukking van die munisipale biersaal en het met 'n verskerpte veldtog begin om hierdie praktyk uit te roei. Talle briewe is aan die Departement van Naturellesake geskryf om hulle bewus te maak van die toestand in Vereeniging. Bewerings is gemaak dat tot soveel as 500 "skokiaan queens" in Vereeniging bedrywig was en dat die swart woonbuurt in totale chaos verval het as gevolg van die misbruik van drank. Die bron van hierdie bewerings was McKenzie wat intussen as superintendent aangestel is. Verder is beweer dat noodsaaklike mediese dienste gestaak moes word, as gevolg van die groot tekort in die Naturelle Inkomsterekening wat weer toe te skryf was aan die mislukking van die biersaak.[276]

Dat hierdie bewerings grotendeels ongegrond was blyk duidelik uit die Burgemeester se verklaring. Die feit dat die Stadsgeneesheer op aktiewe oorlogsdiens vertrek het was die rede vir die staking van mediese dienste en nie die gebrek aan fondse nie.[277]

---

273 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/12, vol. 1: letter from the Inspector of Factories to the Town Clerk, 13 June 1941.

274 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/12, vol. 2: extract from the agenda of the Native Affairs Committee, 6 December 1943; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/12, vol. 2: letter from the Acting Location Superintendent to the Town Clerk, 4 April 1944.

275 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/12, vol. 6: extracts from the agenda of the Non-European Affairs Committee, 10 April 1950.

276 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/12, vol. 1: third interim report of the Native Affairs Commission, 10 February 1942; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/12, vol. 1: extract from the minutes of the Finance-general Purposes Committee, 9 March 1942.

277 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/12, vol. 1: letter from the Town Clerk to the Additional Native Commissioner, 25 March 1942.

'n Verslag van die Distrikskommandant van polisie het ook die teendeel bewys, aangesien daar gedurende klopjagte gevind is dat slegs klein hoeveelhede bier gebrou is.[278]

Op grond van die bogenoemde bewerings het die Minister egter besluit om aan die stadsraad se versoek, om die besit van uitgeloopte graan en suurdeeg deur swart mense te verbied, toegestaan moes word. In Augustus 1943 het die bogenoemde regulasie van krag geword.[279]

Selfs hierdie maatreëls het ook nie die gewenste uitwerking gehad nie. In 'n poging om die verlies van die bierskema te verminder het die Bestuurder van Nie-blankesake in 1945 voorgestel dat 'n gedeelte van die biersaal in 'n hostel vir enkellopende mans omskep moes word. Slegs die agterste gedeelte van die saal wat hoofsaaklik van sinkplaat gebou was, sou as brouery benut word.[280]

Dr. Parker, die stadsgeneesheer, het egter geweier om hierdie projek goed te keur. Hy het dit soos volg getipeer:

> "... a retrogressive step not worthy of a progressive authority ... Unhappy history and mistakes of the past are not often transformed into brilliant achievements by conversion".[281]

Uit hierdie gekompliseerde verhaal, wat baie dienste aan die swart gemeenskap insluit, is dit duidelik dat die swak ekonomiese omstandighede van die swart mense in 'n groot mate verantwoordelik was dat die een skema na die ander toegepas is om die lewenskwaliteit van die inwoners van Toplokasie te beheer.

## 9.9 GEVOLGTREKKING

Uit hierdie hoofstuk is dit duidelik dat Vereeniging nie meer 'n steenkoolmynwerkers nedersetting is nie. Die tersiêre sektor se bydrae in hierdie transformasie kan nie geringskat word nie.

---

278 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/12, vol. 1: letter from the District Commandant, South African Police to the Town Clerk, 20 October 1941.

279 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/12, vol. 2: sprouted grain and yeast regulations, 20 August 1943.

280 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/12, vol. 3: extract from the minutes of the Non-European Affairs Committee, 11 July 1945.

281 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/12, vol. 3: letter from the Medical Officer of Health to the Town Clerk, 14 August 1945.

Die ontwikkeling van hierdie sektor word ook deur verskeie hoogtepunte en laagtepunte ten grondslag gelê. Vanaf die tagtigerjare was dit duidelik dat Suid-Afrika se ekonomiese vertoning teleurstellend was. Dit het ook duidelik in die finansiële omstandighede in Vereeniging uitgekristalliseer. Die effek wat dit op die invloed van finansiële instellings gehad het is dat daar sekere maatreëls ingestel is om finansiële probleme die hoof te bied soos die gebeure rondom huislenings aan swart mense. Hierdie omstandighede sou egter ook later 'n negatiewe invloed op die kultuurvlak van die gemeenskap van Vereeniging hê.

Ten spyte van hierdie negatiewe faktore vervul die PWV-gebied steeds 'n belangrike funksie in die sosio-ekonomiese-ontwikkeling van die Republiek van Suid-Afrika.[282]

---

282 J.S.H. Gildenhuys, *'n Beleid vir fisiese ontwikkeling en dorpstigting in die Pretoria-Witwatersrand-Vereeniginggebied: 'n beskrywende ontleding* (ongep. D.Phil.-proefskrif, UP, 1977), p.367.